



ROMMEL: “'n Christen wat nie herwin nie, mis regtig 'n punt,” sê dr Marinda van Niekerk, uitvoerende hoof van PEN.
– Bl 16

RIOOL: Lidmate in die Kalahari se verrassende nuwe ‘bediening’: Gemeente bestuur nou rioolstuigtenk.
– Bl 4



KERKBODE

Vandag se kerkkoerant vir vandag se kerkmense

18 Junie 2021

www.kerkbode.co.za • facebook.com/kerkbode

Deel 206 – Nummer 8

Covid eis talle by gemeente

HELÉNE MEISSENHEIMER

“Ons probeer maar sterk staan,” antwoord ds Pedro Oktober van die Verenigende Gereformeerde Kerk (VGK) op Vredendal as 'n mens vra hoe dit gaan. Hy is al 23 jaar die leraar van hierdie gemeente.

Die jongste vlaag van Covid-19-infeksies tref Vredendal en die hele Matzikama-distrik aan die Weskus swaar. Die skerp toename word deur die dorp se inwoners toegeskryf aan 'n toenemende laksheid met die dra van gesigmaskers, sanitasie en die handhaaf van sosiale afstand.

In die VGK Vredendal-gemeente alleen het sewe gemeentelede die afgelope maand gesterf. Nog lidmate is opgeneem in die plaaslike hospitaal se Covid-saal en nog meer isoleer tuis. Oktober probeer nog die presiese aantal mense wat siek is, bepaal.

Die hartseer gevolg is dat Oktober reeds 'n aantal begrafnisse moes hou en daar lê nog voor.

Begrafnisdienste word by die huis of die begrafnisondernemer se perseel gehou gevolg deur 'n diens by die graf – met 'n beperkte tydsduur van twee ure en natuurlik met beperkte getalle soos voorgeskryf.

147 aktiewe Covid-19-gevalle in Matzikama-streek op 9 Junie 2021.

Bron: Wes-Kaapse departement van gesondheid



Slypskool vir skrywers

Wat kan die NG Kerk uit dié ryk skat van data leer? – Bl 12-15.

Onlangs is die skoonouers van die plaaslike begrafnisondernemer, Neels Julies, begrawe terwyl hy en sy volwasse seun siek met die virus in die hospitaal lê. Hy het vir die geleentheid 'n roerende brief geskryf dat kinders hulle ouers tog moet waardeer. Kort daarna was Julies ook weg.

Oktober vertel die dorp is in skok. “Daar is 'n stuk verslaenheid op die dorp. 'n Stilheid eintlik op die dorp.” Hy sê dit is nie net Vredendal nie. Op die naburige Vanrhynsdorp gaan dit net so erg.

Die hoogs aansteeklike virus het binne 'n paar weke gewoed deur Vredendal. Netwerk24 berig die Wes-Kaapse gesondheidsdepartement tel 'n skerp styging in Covid-infeksies op by

Vredendal – van 11 infeksies op 15 Mei tot 152 infeksies op 31 Mei. Die skerp toename in gevalle plaas ernstige druk op die plaaslike gesondheidstelsel.

Die Covid-saal in Vredendal se hospitaal het slegs 20 beddens wat beteken die meeste mense moet tuis herstel.

Intussen is alle sosiale byeenkomste by die VG kerkgebou opgeskort.

Oktober, wat self van Covid-19 herstel, saai aanlyn eredienste uit en hou kontak met lidmate deur daaglikse bemoedigende boodskappe via sosiale media te deel.

Hy wens wel in-persoon-besoeke – soos waaraan die gemeente gewoon is – was moontlik, het hy aan *Kerkbode* vertel.

Die situasie is so kritiek dat die Matzikama-munisipaliteit op Woensdag 2 Junie met 'n amptelike kennisgewing aangekondig het dat munisipale amptenare vanaf 31 Mei in skofte werk om sodoende die aantal personeel op die terrein te verminder. Volgens die kennisgewing het die munisipale raad die besluit geneem om die stygende Covid-19-gevalle in die Matzikama-gebied te bekamp.

Die waarnemende munisipale bestuurder, Lionel Philips, het in 'n skrywe godsdiensteleiers en organisasies, begrafnisondernemers en ander belanghebbendes se hulp gevra om Covid-veiligheidsregulasies by byeenkomste af te dwing.



BYBEL

BM
Bybel-Media

BOU

BLOKKE

Maak 'n impak en bou die geloof van kinders en ander gelowiges

**Ondersteun Bybel-Media
se BybelBouBlokke-projek.**

Ons vra dat 1 660 Christene elke maand
BybelBouBlokke by Bybel-Media koop.

Ons wil jou vriendelik vra om die volgende te oorweeg:

- Maak 'n bydrae van R50 per maand
of R600 per jaar aan Bybel-Media.
- Help ons om 'n verdere 1 659 onder-
steuners te werf deur vir jou vriende
en familie van hierdie projek te vertel
en só die BouBlokke-projek namens
Bybel-Media te bevorder.

**Besoek www.bybelmedia.co.za
om jou BybelBouBlokke te skenk.**

**Saam kan ons 'n groot
verskil maak!**

Die Boesmanland Camino – 'n terugblik

HANNES THERON

Om 314 km te stap in die Knersv-lakte en Boesmanland – van Cal-
vinia tot in Garies – geen regden-
kende mens pak mos so iets aan nie!

Tog, as ek kan, doen ek dit weer. Die reuk van die aarde, die suiwer skoon lug, die helder sterre; ja, die droogte wat in jou gesigveld kom staan, die vernietigende effek daarvan op die plantegroei, gemeenskappe en omgewing – dit sal my altyd bybly. Die reuk van stof kom sit in jou neusgate en die droogte kom sit in jou hart en dit breek jou hart wan-

neer 'n boer met 'n diep hartseer in sy oë sê: "Al kom die reën weer, die veld sal nie in my leeftyd herstel nie ..."

Tog word jy ook geraak deur die hoop – die hoop as geskenk van God aan mense. Ek is geraak deur mense wat bly vorentoe kyk en 'n boer wat sê: "Dalk moet ons minder bid vir reën en eerder begin bid vir wysheid om anders te begin boer in 'n omgewing wat verander as gevolg van aardverwarming en die gepaardgaande klimaatsverandering. Ons moet eenvoudig die nuwe werklikheid in die oë kyk."

Ek besef die droogte is ook 'n produk van ons vernietigende leefstyl. Ons almal het die ekologie al grootliks vernietig met ons oorbenuwing en wanbestuur van die aarde wat deur God aan ons geskenk is. Dalk moet ons meer luister na God en die noodkreet van die aarde hoor wat sug onder ons selfsugtigheid. Ons sal eenvoudig anders moet begin leef!

Here Jesus, wees ons genadig! Wees ons genadig. Gee asseblief vir ons die wysheid, geloofsonderskeiding en die wil om anders te begin leef. Bewaar ons van doofheid om die noodkrete van die aarde te hoor.

Ek is ook diep geraak deur die mense van die gemeenskap en hulle stories. So met die stof van die droogte in hulle oë, hoor jy ook die lag en sien jy ook die vreugde en blydschap in hulle oë; die liefde en gasvryheid om te wil dien; en die wil om met volheid te wil lewe. Sal ons ooit Donderdag, 20 Mei 2021, kan vergeet! Die wind is stormsterk, dit begin reën – sulke yskoue druppels wat jou laat lag en huil tegelyk, maar jou ook bekommerd maak oor die nag wat voorlê. Dan stuur die Here 'n boer wat kom sê: "Luister, julle kan nie vannag

buite slaap nie; ek stel my woonhuis vir julle beskikbaar". Dit word toe meer as net 'n woonhuis – ons word ook bedien met heerlike vars gebakte brood. Die gasvryheid van mense in daardie omgewing was oorweldigend.

"Waar daar liefde en deernis is, daar is die Heer."

Natuurlik is daar ook die mense met wie jy saam die Camino aanpak. Hulle is ook geskenke van die Here. Wanneer jy so saamstap, ontdek jy mense met stories wat jou diep aanraak; nee, jy herontdek God wat mense in hulle seer heelmaak, perspektief gee, versoening bring en hoop gee. Ek is diep aangeraak deur God en mense, ook gevul met groot dankbaarheid in my hart oor die pad wat God oor my pad gestuur het.

Die Camino laat jou ook opnuut ontdek: Ons dra eenvoudig te veel goed en bagasie met ons saam. Ons kan eintlik met soveel minder klaarkom – 'n lewe van eenvoud is eintlik so bevrydend.

Sal ek dit weer loop? Verseker!

► *Ds Hannes Theron is emeritusleraar van die NG Gemeente Helderberg en 'n voormalige aktuaris van die Wes-Kaapse Sinode.*

'Dankie aan elkeen wat voer of geld of gebede stuur'

Hy het onlangs 'n groep stapers aan die einde van die Boesmanland Camino ingewag, vertel ds Piet Retief uit Garies. "Ons kon die dag saam met die stapers en hulle na-ryers spandeer en met sorg hoop-blokkies in mekaar se lewe bou."

Reën in Namakwaland word soos 'n verlangse familielid se kuier voor selfone hanteer.

Doerietyd het jy die mense al langs die pad gelui om te hoor of soen-so dalk al daar verby is op pad na jou toe. Vandag is dit anders, maar tog dieselfde.

As die wolke begin saampak hier na Weeskind se kant toe, begin 'n mens lui daar na Platbakkies se kant toe om te hoor of die wolke daar sy lê kom kry het, en dan loop ons sy spoor na. Donderdag 20 Mei se reën was so, maar ook anders.

Want sien, saam met hierdie ± 8 mm se reën, het daar nog besoekers saamgehoop. 'n Klompie stapers van die Boesmanland Camino en hulle vriendinne, die mense van Caritas en 'Red 'n plaas' saam met Amore Bekker van RSG, het stadig maar seker hulle weg Garies toe gebaan, eers in die reën en toe in die spoor van die reën.

Op Saterdag 22 Mei het ons hulle ingewag met 'n gemoed wat vol is, want 8 mm se genade is 8 mm se genade! Ons kon die dag saam met die stapers en hulle na-ryers spandeer en met sorg hoop-blokkies in mekaar se lewe bou. Verhale deel. Ooreenkomste sien. Verskille oorbrug.

Vir te lank het ons gedink dat slegs boere, wel, belang by die boerderybedryf het. Vandag kan ons met alles in ons getuig dat ons in ons siel weet dit is nie so nie.

Die koper van skaapvleis in die supermark in Sandton, die koper van vleis by 'n straatverkoper in Sophiatown, die braaier van skaaptjoppies in Springs en die restauranteienaar in

die Strand het net soveel belang in die boerdery as wat elkeen van die boere en hulle gesinne hier het.

Ons dra die risiko's verskillend, ons beplan verskillend en sukkel met verskillende uitdagings, maar ons het almal belang in mekaar. Ons is almal afhanklik van die kwaliteit en kwantiteit produkte vanuit die landboubedryf en ons verskille word oorkom deur ons gemeenskaplike belange – voedsel. So het ons ook belange in die supermark in Sandton, die sypaadrestaurant in Sophiatown, die braaigeselligheid in Springs en die restaurant in die Strand. En natuurlik in die wynplase regoor die land!

Vir ons om tot hierdie besef te kom, is dit van kardinale belang dat ons van ons verskille vergeet en ons ooreenkomste omarm, want ons het mekaar nodig. In die kerk in Suid-Afrika, dalk meer as elders in die wêreld.

En dit is nogal iets wat ons in Pinkstertyd herhaal, want dit gebeur deur die Gees!

Daarom wil ons in die gees van die Heilige Gees, vandag dankie sê vir almal wat saam met ons in geloof boer. Elkeen wat voer of geld of gebede stuur. Maar ook vir elke supermark-eienaar, elke sypaadjieverkoper, braaier en restauranteienaar wat dit vir ons moontlik maak om dit te doen waarvoor ons lief is. En ons wil julle verseker van ons ondersteuning en hulp, want ons Namakwalanders is goed met baie goed, maar ons is nie so goed met vergeet nie.

In julle uur van nood kan julle op ons knoppies druk. Ons huis en hart is altyd oop vir familie en dit is wat ons is.

Familie, al het ons mekaar nog nie ontmoet nie. Ons gaan mos nie ons sakebelange met vreemdelinge deel nie? Dit sou net onverantwoordelik wees!

► *Ds Piet Retief is leraar by NG Kerk Garies.*

NG GEMEENTE LUCKHOFF

Vakature: Vastetermynpos: Drie jaar

Gemeenteprofiel:

NG Kerk Luckhoff is 'n plattelandse gemeente waarvan 80% van die gemeentede uit die boerderygemeenskap kom. Dit is 'n baie vernuwendende gemeente wat basies heeltemal wegbeweeg het van die tradisionele manier van doen. Lofprysing en aanbidding vorm 'n groot deel van die eredienste. Daar word ook sterk fokus op jeugbediening geplaas, aangesien 'n groot gedeelte van die gemeentede jong mense is wat tans nie genoegsaam by die gemeente-aktiwiteite inskakel nie.

Ons leuse is "Lig, liefde en lewe". Ons plaas baie klem op die bemagtiging van lidmate en funksioneer deur middel van 'n gawebediening.

Leraarsprofiel: Die ideale leraar moet:

- 'n Toegewyde, entoesiastiese gelowige wees wat erns maak met sy/haar verhouding met God.
- Inkoop in die visie van die gemeente.
- Die gemeente begelei op die pad van lidmaatsbemaagtiging en vernuwing.
- Goeie menseverhoudings kan handhaaf.

Ampspilte:

1. Aanbied van eredienste op Sondag.
2. Die doen van huisbesoeke en pastorale versorging.
3. Die hou van bidure in die onderskeie wyke.
4. Hospitaalbesoeke in buurstede.
5. Besikbaar wees vir begraffnisse en huwelikeremonies sou die families dit so verkies.

Vergoeding:

Salaris volgens sinodale riglyne tot en met die derde (3de) skaal (maksimum) met gratis behuising asook 'n selfoontoelae en wi-fi van R2 000 per maand.

Aansoekprosedure:

Leraar kan 'n kort CV stuur na ngluckhoff@gmail.com. Spesifiseer waarom u sal inpas by ons gemeente en hoe u voldoen aan die leraarsprofiel.

U moet ook bereid wees om na Luckhoff te reis vir 'n onderhoud en om 'n preekgeleentheid waar te neem, sou u die kortlys haal.

Die kerkrad behou die reg voor om nie 'n aanstelling te maak of om 'n beroep uit te bring nie. Diensaanvaarding sal onderhandel word.

Sluitingsdatum: 20 Julie 2021.

Navrae:	Klaas Viljoen	082 411 3575
	Jacques Grobbelaar	072 877 6721
	Bertha du Plessis	082 966 3617

Ongewone 'bediening': Kalahari-gemeente koop rioolwa

HELÉNE MEISSENHEIMER

Riool wat stroom uit 'n Kalahari-pastorie se oorvol drein was die strooi wat die kameel se rug gebreek het.

Nou ry 'n vasvatspan onder leiding van NG gemeente Vanzylsrus 'n riool-sui-gwa en vra R500 per uitsui-gpoging.

Dit was nie 'n maklike pad om tot op hierdie punt te kom nie, maar dit loop nou glad, vertel Frans Cloete, 'n ouderling by die gemeente. Inwoners of besighede wat van die diens gebruik wil maak, kontak die kerk se kassier wat dan die inligting deurgee aan die eienaar van Vanzylsrus Hotel, wat dan die persoon of besigheid se drein gaan suig. Nadat die drein gesuig is, word die vrag in die munisipale rioolwerke se aanleg gestort.

Die meeste van Vanzylsrus se inwoners en besighede gebruik nog 'n ondergrondse septiese riooltenkstelsel wat op

gereelde basis uitgepomp moet word om te verhoed dat dit oorloop.

Die Joe Morolong plaaslike munisipaliteit het hierdie funksie vervul, maar het dit glo verlede jaar skielik gestaak sonder om redes te verskaf. Gou het inwoners en besighede se oorvol tenke 'n gesondheidsgevaar vir die dorp begin inhou. "Dreine het op plekke in die straat uitgeloopt of is in die droë loop van die Kurumanrivier uitgepomp," vertel Cloete.

Die uiteinde was dat van die plaaslike besighede en inwoners met die kerk saamgewerk het om 'n eie rioolpompwa te koop teen 'n totale koste van sowat R71 000 waarvan die kerk ongeveer 'n derde bygedra het.

"As die kalf in die put is, dan moet jy maar hande vat dat hy kan uit," sê hotel-eienaar Elbie Jonker.

Intussen het die munisipaliteit se



Vanzylsrus se vasvatspan by hulle eie rioolwa, van links: Dirk van Eeden, Jood Cloete, ds Kobus van Tonder en Elbie Jonker. Foto verskaf

rioolsuigtenk weer sy opwagting op die dorp gemaak, maar volgens Jonker verkies hy, die kerk en die landboukoöperasie om ter wille van bestendigheid

voort te gaan met hulle eie reëling.

Die munisipaliteit het nie gereageer op *Kerkbode* se versoek om kommentaar oor die aangeleentheid nie.

MES se verhaal van hoop en genade

MES is vanjaar 35 jaar oud. HELÉNE MEISSENHEIMER berig oor die ontstaanstorie van hierdie nieregeringsorganisasie, hulle eie oorlewingstryd tydens die Covid-pandemie en 'n prentjie van werknemers wat verenig.

Leon Pienaar vertel 'n interessante storie van iets wat gebeur het by 'n "bestuursindaba" van MES, kort vir Mould Empower Serve.

Die MES-bestuurshoof het tydens 'n onlangse webinaar, wat gehou is as deel van MES se verjaardagviering, vertel: "Ons het gevra wat vier ons met ons 35ste verjaardag. Uit die antwoorde het ek 'n woordprentjie gemaak en dit is vir my 'n wonderlike getuigenis dat 'God s'n' die woorde is wat die meeste uitgekome het,

want dit is hoe ons sien wat ons doen."

Die Covid-pandemie het op 'n landswye maatskaplike diensorganisasie soos MES 'n verreikende impak gehad. Tydens verlede jaar se strenger grendeltydperk moes oornagskuilings skielik aangepas word in 24 uur-behuising. Dit het beteken meer maaltye, meer personeel en ekstra uitgawes rondom sanitasie, maskers ens. In Kaapstad was daar nie naastenby genoeg skuilings vir haweloses nie. MES het daagliks vir ongeveer 1 200 mense kos gegee in parkeerareas met die hulp van vrywilligers wat daagliks potte en potte kos gekook het.

Dit terwyl alternatiewe oplossings vir fondsinsameling vinnig gevind moes word.

Te midde van al hierdie uitdagings het MES in Johannesburg 'n addisionele

skuiling kon oopmaak met die hulp van die departement van maatskaplike ontwikkeling. Een van die belangrikste sleutels tot MES se sukses is die sluit van vennootskappe met 'n verskeidenheid van rolspelers, vanaf kerkgenootskappe en ander welsynsorganisasies tot regeringsinstansies. "Donateurs en vennote is deel van ons DNS," sê Willem Eksteen, een van die direkteure op MES se bestuursraad.

"Ons kan nie op ons eie die sirkel van armoede breek nie. Ons het vennote nodig," bevestig Pienaar.

Meer as 200 000 mense is haweloos op straat in Suid-Afrika, volgens 'n peiling deur die Human Sciences Resource Centre wat reeds in 2015 gedoen is. Die platteland ontvolk al dekades lank soos mense hoopvol vir 'n beter lewe na stede trek. Weens 'n kombinasie van vele faktore, waaronder swak ekonomiese groei, stygende werkloosheid en gebrekkige kwalifikasies eindig duisende haweloos en moedeloos op straat. Dit is veral na hierdie 'mees weerloses' dat MES geroepe voel om uit te reik.

Oorspronklik bekend as die Middestad Evangelisasie Sentrum, is gou besef hierdie 'uitreik' sal baie meer moet insluit as net die uitdeel van 'n warm koppie sop. "Ons sokkombuise het verander in Sentrums van Hoop. By die sentrums word daar wel maaltye gegee, maar daar word ook omgesien na ander fisiese en geestelike behoeftes. By die sentrums het ons maatskaplike werkers wat saam met elke persoon wat kom 'n evaluering kan doen sodat daar vir elkeen 'n persoonlike ontwikkelingsplan

uitgewerk kan word," sê Pienaar.

"Ons wil nie mense institutionaliseer nie, ons wil hê hulle moet 'n onafhanklike lewe kan lei. Die Sentrums van Hoop (ook 'drop-in centres' genoem) is gefokus op verhoudingsbou sodat ons mense kan begelei tot by die punt waar hulle gereed is vir die volgende stap," sê Pienaar.

Nuwe sentrums van hoop het verlede jaar in Durbanville en Parow te midde van die pandemie tot stand gekom, danksy vennootskappe met verskeie rolspelers.

MES se dienslewering sluit ook in die oprig van kleuterskole, naskool- en jeugsentrums, werkrehabilitasie, tweehandse-klere-winkels, groentetuine en vaardigheidsontwikkeling. Die organisasie het takke in Hillbrow, Kemptonpark, Gqeberha (Port Elizabeth) en Kaapstad se noordelike voorstede Bellville, Durbanville en Parow.

Die verskillende programme bied ook geleentheid waar die publiek vrywillige werk kan kom doen deur te bedien, te luister en te versorg.

Digitale vaardighede is vandag feitlik onmisbaar. MES beplan dus 'n inisiatief genaamd IT Pathway om kinders rekenaarvaardighede te leer. Verdere toekomsplanne sluit onder meer in die vind van kreatiewe oplossings vir werkloosheid en die behuisingstekort; uit te brei op hulle geakkrediteerde vaardighedsprogramme en om die agterstand in ontwikkeling by voorskoolse kinders te verminder; innoverende oplossings te vind vir families om bymekaar te bly, om maar 'n paar te noem.



'n MES-vrywilliger help 'n naskoolse leerder met inkleurwerk.

Foto verskaf



Jaco Strydom gesels met **Naudé Kritzinger**

‘Die langer pad van kontemplatiewe spiritualiteit het my baie gehelp’

“**W**ie was daai weird ou?” vra iemand my nou die dag.

“Naudé Kritzinger,” sê ek. “Hy’s ’n dominee en ’n digter. En hy’s meer weird as wat jy dink, jy moet sy musiekvideo’s sien.”

Kort daarna kuier ons. Hy vertel van vroegste herinneringe, sy kinderjare op Maandaghoek-sendingstasie in die ou Oos-Transvaal waar sy pa, Dons Kritzinger, ’n sendeling was. Later trek hulle Pretoria toe, hy was in Laerskool Meyerspark en Hoërskool Silverton. Na skool studeer hy teologie by Tukgies, waar sy pa aangestel is as professor in Sendingwetenskap.

Naudé vertel dat hy self eintlik ’n sendeling wou word. Hy was nog altyd lief vir die Here en die kerk, maar het veral ’n passie vir mense buite die kerk.

As ek aan Naudé Kritzinger dink, dink ek aan iemand wat dit regkry om met een voet in die kerk en een voet in die wêreld te staan. Iets wat eintlik belangrik is as ons ’n verskil wil maak in hierdie wêreld. Soms voel dit of te veel kerkmense met albei voete in die kerk staan – en net deur godsdienstige vensters na die wêreld loer.

Naudé maak kontak. Hy leef in die paradoks.

Dalk kry hy iets reg, juis omdat mense buite die kerk voel dat hy een van hulle is, hulle is gemaklik met hom, want hy worstel saam, soek saam en gee regtig om.

Naudé en sy vrou Erna Jo skryf. Erna se digbundel *Delirium* het ’n paar jaar gelede verskyn en ses van Naudé se gedigte is in Tafelberg se saamgestelde bundel *Nuwe stemme* opgeneem.

Hy skryf ook liedjies en kan onder andere tromboon, mondfluitjie en kitaar speel. “Dit werk natuurlik lekker saam met my liefde vir digkuns. Iemand het vir Bob Dylan op ’n stadium gevra wat die verskil tussen sy songs en poems is, toe sê hy hy skryf iets, as hy dit kan sing, is dit ’n song, as hy dit nie kan sing nie is dit ’n poem,” sê hy.

Sy musikale gawes kom ook handig te pas in sy gemeentewerk, hy is onder andere verantwoordelik vir Sondae se musiekbediening.

Naudé was onlangs in die moeilikheid na hy en sy vrou, wat taalversorging doen vir ’n gay-roman-uitgewer in Amerika, op ’n kykNET-program was. Daar was ’n kerklike ondersoek.

Ek vra hom daarvoor, want ek het ’n

video op sosiale media gesien van die erediens na die ondersoek en by myself gedink: Dis nou ’n mooi getuigenis van hoe ’n gemeente ruimte maak vir die verskillende stemme in die kerk.

“Die Here het my die genade gegee om op die ou einde te kon luister hoe mense dit beleef het. Die positiewe ding wat ek aan my lyf gevoel het, is hoe slegte dinge se effek soms soveel beter kan wees as wanneer niks sou gebeur het nie. Al is daar skade gedoen, kon ons voel wat versoening beteken en is baie verhoudings en sake wat my betref nou op beter grond.”

Ons gesels daarvoor dat die Christengemeenskap slegs ’n eerlike plek van homecoming en genesing kan wees, as ons nie net konflik so gou moontlik probeer oplos nie, maar leer om dit toe te laat om uit te speel en in die spanning tussen uiteenlopende argumente te leef sonder dat die verhouding op die spel is.

Soms, veral in die kerk, is ons so versigtig dat diep gesprekke oor moeilike onderwerpe amper onmoontlik is en ons dit dan eerder los. Met die gevolg

dat die gaping tussen mense net nog groter word.

Dit beteken nie net dat ons beter maniere moet kry om van mekaar te verskil nie, maar ook dat ons mekaar dit moet gun om werklik eerlik te wees.

Richard Rohr het gesê: “Before the truth sets you free, it tends to make you miserable.”

Naudé vertel van sy donker tye. Sy eie worsteling met depressie. “Ek is een van daai volop spesies wat anti-depressante drink. So, soms is ek maar net lus om te lê, en doen dit ook, met ’n no-brainer fantasieboek voor my neus. Die dominee-ding het nie altyd vir my natuurlik gekom nie – ek het baie druk ervaar omdat ek gevoel het ek moet almal tevrede stel. Ander groot gebeurtenisse het dit ook al vir my moeilik gemaak. ’n Draai wat ek in kankerland gemaak het, ’n egskending, spanning in die gesin ... Ek dink die langer pad van kontemplatiewe spiritualiteit het my baie gehelp. Om nie bang te wees vir my emosies nie en om eerlik met God en myself te wees.”

Hy is al meer as twintig jaar ’n predikant by die NG Gemeente Wonderboompoort en vandag is Naudé ook deelyds ’n eiendomsagent, iets wat hy baie geniet.

Ek vertel hom van die ou wat gesê het hy is weird. Dit lyk of hy opreg verbaas is. Hy krap sy kop. “Ek is só ’n gewone ou,” sê hy, “eintlik erg behoudend, if anything, veral in my teologie?”. Ek knik maar net my kop, dis dalk beter as ons nie te bewus is van al ons vreemde gawes nie. Jesus was ook ’n weirdo – veral in die godsdienstiges se oë.

Teen die einde van die gesprek vra ek hom die groot vraag: Waarom wil hy steeds ’n dominee in die NG Kerk wees?

“Lyk my ek kan nie anders nie,” sê Naudé. “’n Mens het veral frustrasies met mense wat jy liefhet, en duidelik is ek lief vir die kerk. En ek is lief vir die mense in my gemeente. Jy ken mos daai quote van Augustinus.”

► *Ds Jaco Strydom is verbonde aan die NG gemeente Villieria in Pretoria en die Echo-Jeuggemeenskappe.*

“Die positiewe ding wat ek aan my lyf gevoel het, is hoe slegte dinge se effek soms soveel beter kan wees as wanneer niks sou gebeur het nie.”



Vakatures: Nuwe gids vir gelykheid van geleentheid

Werksoek bly maar 'n storie. Vir die meeste van ons is die soekproses veral stresvol, maar ook diegene wat in die aanstelstoel sit, mag druk ervaar om die regte aanstelling te maak – die beste kandidaat vir die mees belangrike take in jou span te vind.

Die Suid-Afrikaanse konteks gee aan loopbaansake 'n verdere emosionele lading omdat daar eenvoudig minder geleentheid as werksoekers is. Ook in kerkkonteks.

By www.kerkbode.co.za is die Vakatures-afdeling ons gewildste bestemming vir webgebruikers. Aansienlik meer mense klik maandeliks op ons werkgeleentheid-afdeling as op die Nuus-, Opinie- of selfs Briewe-afdelings.

Betaalde vakatures is 'n diens wat *Kerkbode* vir die NG Kerk en haar lidmate verrig en 'n belangrike deel van ons sakemodel. Ons tree op as middelgrond tussen die adverteerder en die grootste moontlike segment van wat kennelik 'n nisgehoor is: beroepbare dominees op soek na werk.

Hoewel die inhoud van vakatures uiteraard nie *Kerkbode* se standpunte verteenwoordig nie, dra ons as uitgewer tog 'n verantwoordelikheid rondom die inligting wat ons publiseer. Nou gebeur dit van tyd tot tyd dat gemeentes sukkel om die Wet op Gelyke Indiensneming (Wet No 55 van 1998) te verstaan en ons nader met problematiese advertensies. Voorbeelde van onbillike diskriminasie in 'n advertensie kan onder andere die volgende insluit:

- “Die gemeente is op soek na 'n manlike leraar.”
- “Die applikant moet verkieslik getroud wees met kinders.”

Om voornemende adverteerders te help, het ons 'n toeganklike riglyndokument deur 'n menslike hulpbronkonsultant laat saamstel wat onder meer eenvoudige “raad” rondom bogenoemde gee: “Die voornemende werkgewer sal moet kan bewys dat die diskriminasie in hierdie voorbeelde weens 'n inherente vereiste van die pos is. Dit sal natuurlik moeilik wees om te regverdig waarom 'n leraar 'n man moet wees, waarom 'n werknemer getroud moet wees met kinders en/of waarom 'n applikant 'n spesifieke ouderdom moet wees. Hieronder is voorbeelde waar differensiering op een van die gelyste gronde geregverdig sal wees aangesien dit 'n inherente vereiste van die pos is:

1. ‘Die gemeente is op soek na 'n Afrikaanssprekende leraar.’ – Dit sal 'n inherente vereiste van die pos wees indien die lidmate van die gemeente hoofsaaklik Afrikaanssprekend is.
2. ‘Die gemeente benodig die dienste van 'n Christelike leraar.’ Die NG Kerk is 'n Christelike instansie, dit is dus 'n inherente vereiste van die pos dat die leraar 'n Christen is.’

In beginsel wil *Kerkbode* gelyke geleentheid en billike behandeling by indiensneming bevorder deur onbillike diskriminasie uit te skakel. Ons vertrou die gids sal hiermee help.

- Besoek <https://kerkbode.christians.co.za/vakature-kwotasie/> vir 'n afskrif van die gids.



Cas Wepener
GASRUBRIEK

Oor rassessekeiding: ‘Ek soek 'n kerk wat jeuk’

Die besoek jou in verskillende gedaantes, van kurkdroog en skubberig tot rooi en geswolle. Indien jy nie vinnig daaraan vat nie, hard en verkieslik met jou vingernaels, gaan jy waansinnig word. Wanneer vingernael en vel ontmoet en jy begin krap, is dit een van die grootste verligtings wat 'n mens kan beleef. Die besoeker se naam is jeuk.

Jeuk as selfstandige naamwoord is 'n onaangename gevoel op die vel. Jeuk as werkwoord kan onder meer beteken om 'n drang te hê om iets te doen. Ek soek 'n salf teen jeuk; my voete jeuk. Ek glo ons kort 'n kerk waar selfstandige naamwoord en werkwoord ontmoet en byvoeglike naamwoord word. Geen salf moet vir ons jeuk help nie, sodat ons jeuk vir aksie, totdat daar gesê kan word dat ons jeukerig is. Met ons bedoel ek die NG Kerk.

Daar is op die oomblik in dele van ons kerk 'n post-jeuk-tyd en die belewenis van 'n soort verligting. Die woorde “kerkhereniging” of “Belhar” of “swaakheid van sommige”, laat gemoedere val. Asseblief tog, ons het dan nou net mooi 'n tyd van post-jeuk-verligting betree nadat hereniging net te veel energie getap het. Baie mense het met groot inspanning gekrap, nou slaak ons 'n bietjie jeukverligting, so moet nou asseblief nie kom krap waar dit nie meer

jeuk nie. En *by the way*, kyk net hoe inklusief en tolerant is ons deesdae, ook missionaal. Die inklusiewe missionale teologie, wat wonderlik is, moet net nie soos 'n lawende roompie oor die sonde van kerkskeuring gesmeer word sodat ons ophou jeuk nie.

Die NG Kerk en die VG Kerk is nie een kerk nie. Waarom nie, op welke gronde? Dit is 'n rassessekeiding. Nog al die pad. Ja, steeds as gevolg van die swaakheid. Die artikels, boeke en grade wat oor die onderwerp geskryf is, vul etlike rakke in ons teologiese biblioteke in hierdie land. Die Bybelwetenskaplikes het lankal gewys dat ons die pad van teksuitleg byster geraak het toe ons apartheid vanuit die Skrif begrond het; sistematiese teoloë het vir ons die ekklesiologie verken; die kerkhistorici die geskiedenis van voor en na 1857 en die gewaande besluit rondom die Nagmaal; die praktiese teoloë worstel met nuwe praktykteorieë oor kerkhereniging op gemeentevlak; sinodes het ure der ure se werk aan verslae en besluite spandeer, ook aan kerkordes en pensioenfondse en geboue en plek-plek het ringe en gemeentes begin verenig.

Erkenning en groot waardering moet gegee word aan soveel mense wat so baie energie al ingesit het in die kerkherenigingsproses en dit steeds doen. Dat mooi dinge wel op sinodale en voet-

soolvlak in gemeentes gebeur, kan geensins misken word nie. Die mooi verhale word gereeld in beriggewing gevier, dit is goed. En tog, dit is net 'n mening, maar tog wil dit voorkom asof die saak deesdae so min jeuk dat dit nie eens nodig is om te krap nie. Toegegee, daar is uitdagings, maar is ons nou alreeds so mooi missionaal dat ons so-doende 'n gewetensaflaat vir die sonde van kerkskeuring verwerf het? Dit is tyd dat ons weer begin jeuk, jeuk omdat daar 'n pestilensie in ons midde is en jeuk omdat ons iets daaraan wil doen.

Hoe kan dié wat ophou jeuk het weer begin jeuk? Dalk kan ons sommer in die erediens begin. Nagmaalsformuliere wat ons herinner dat ons versigtig moet sluk aan tekens waarmee ons 'n oordeel oor onself kan eet solank as ons aan die tafel van verdeeldheid sit. Preke wat soos spinnekoppe by ons krae inhardloop en ons agterna met 'n ongemak laat, soos 'n Franse film met 'n oop einde, 'n einde wat deur die hoorders voltooi moet word. Om dan die diens af te sluit met die bekende woorde van St Franciskus van Belhar: “Mag die Here ons seën dat ons aanhou jeuk solank as wat gelowiges met dieselfde belydenis, God in aparte kerke dien.”

► Prof Cas Wepener doseer *Praktiese Teologie aan die Universiteit Stellenbosch*.

Ervare joernalis sluit aan by *Kerkbode*

Heléne Meissenheimer (foto) het onlangs deel geword van Bybel-Media se Inhoudspan. As uitvoerende joernalis by *Kerkbode* is haar fokus uitnemende kerkjoernalistiek – met ander woorde menestories én geloofstories.

“Die behoefte aan betroubare en gebalanseerde kerkjoernalistiek groei by die dag,” sê Le Roux Schoeman, redakteur van *Kerkbode*. “Wanneer ons met intekenaars praat of ondersteuners werf vir ons digitale platform by *Vriende van Kerkbode*, beklemtoon ons die feit dat *Kerkbode* se geskiedenis terugstrek tot 1849 toe die eerste *Kerkbode* verskyn het met die oorspronklike doel om ‘godsdienstkennis te versprei,’ aldus Schoeman.

“Ons is bevoorreg om 'n nuwe aan-

stelling te kan maak ondanks finansiële druk op *Kerkbode* en soveel ander nuuspublikasies in ons land. Dit is vir ons lekker om 'n ervare joernalis en nuusbestuurder ryker te word,” sê Schoeman.

Ná sy eers grade in onderskeidelik maatskaplike werk en later ook biblioteekkunde verwerf het, het die begeerte om deur stories 'n verskil te maak Meissenheimer by 'n skryfloopbaan gebring. Sy het in 2006 'n MPhil-graad in joernalistiek aan die Universiteit Stellenbosch deelyds verwerf terwyl sy as joernalis by 'n gemeenskapskoerant op die Weskus gewerk het. Sy het later redakteur van die publikasie geword tot einde 2017 toe sy en haar predikantman Jaco na die Kaap verhuis het. Hierina was sy tot haar aanstelling by *Kerkbode* die redakteur van 'n aanlynpublikasie gerig op die eiendomsbedryf.



Haar ouers is op die sendingveld gebore en getoë, vertel sy. Sy het grootgeword in 'n huis waarin sy geleer is elke mens, ongeag ras, lewensuitkyk of sosiale stand het 'n eie unieke storie om te vertel. “Ek wil glo dat sulke stories ook 'n belangrike rol kan speel om gelowige mense in ons land nader aan mekaar te bring.

Joernalistiek en veral haar nuwe pos bied haar die kans om mense se stories en 'n blik op hulle leefwêreld met 'n wyer gehoor te deel. “*Kerkbode* is uniek geplaas om hierdie broodnodige rol in ons verdeelde samelewing te vervul – veral te midde van al die hatige tirades op sosiale media deesdae wat mense net verder van mekaar vervreem. Daarby kom dit vir my soms voor of baie gelowiges mismoedig voel oor die kerk. *Kerkbode* bied ook 'n spasie vir gelowiges om mekaar te bemoedig met geloofstories en impakstories van hoop.”

- Kontak Heléne met storiewenke by helene@bmedia.co.za



Die geskenk van swakheid

In Charlie Mackesy se lieflike geïllustreerde boek *The boy, the mole, the fox, and the horse* (2019) is daar veral een tekening en gepaardgaande lewenswysheid wat my dieper laat dink: Die seuntjie vra vir die perd: “When have you been at your strongest?” waarop die perd antwoord: “When I have dared to show my weakness.”

Dit het my laat dink aan die Amerikaanse filosoof, John Caputo, se onbeplande teologiese trilogie oor ’n ‘swak teologie’, met die onderskeie titels *The weakness of God* (2006), *The insistence of God* (2013), en *The folly of God* (2015). ’n Kernteks vir Caputo is 1 Korintiërs 1:22-25, waarin sowel die dwaasheid van God as die swakheid van God figureer (die eerste en derde titels van Caputo se boeke). Hierdie gedagtes – oor God se dwaasheid en God se swakheid – is, soos hy uitdruklik uitwys, ontleen aan Paulus se brief aan die Korintiërs. Elkeen van sy drie boeke verteenwoordig ’n poging om Paulus se logika van die kruis te ontgin.

In sy boeke is Caputo veral nie geïnteresseerd in wat hy noem ‘sterk teologie’ of ‘hoë teologie’ – daardie ‘bombastiese teologie’ wat alleenlik in God se (al)mag en glorie geïnteresseerd is – nie. Veel eerder stel hy belang in ’n teologie van die kruis en ’n logika van weerloosheid en swakheid: die sagter, minder verhewe, minder indrukwekkende,

meer gedempte toonaard van wat hy noem ‘teopoësie’. Hierdie ‘diep teologie’ of ‘radikale teologie’ is meer nederig, meer skugter; minder blink, minder selfversekerd, en heel definitief minder gewild. Dit open ruimtes vir vrae, insluitend vrae oor lyding en mag, en weerstaan die versoeking om hierdie ruimtes (af) te sluit – selfs ter wille van ’n gelukkige, goeie einde; dit waarna ons heimlik smag, en wat ons van sowel die stories wat ons kyk of lees as die stories van ons eie lewe verwag.

Caputo voer trouens aan dat dit oneerlik sou wees om die logika van die kruis as ’n slim strategie in diens van ’n teologie van glorie in te span, waarin God en die teologie uiteindelik as weners bekroon word. Christus aan die kruis sterf immers nie ’n glorieryke skyn-dood (soos by die dosetisme, byvoorbeeld) nie. Veel eerder verloor Christus die stryd teen dood, pyn, lyding, en Goddelike verwerping aan die kruis. In die Gekruisigde Christus word ons gekonfronteer met die volle omvang van die God wat verloor, die Verloordergod.

Veel eerder kom ons aan die kruis die *disabled* God teë (volgens die *disability* teoloog Nancy Eiesland – oorlede in 2009), die *lynched* God (volgens die swart teoloog James Cone – oorlede in 2018), die dood van Godskind in Godsbaarmoeder (volgens die feministiese teoloog Serene Jones). Elkeen van hier-

die beskrywings verteenwoordig teoloë se pogings, vanuit hulle eie ervarings en kontekste, om erns te maak met die betekenis van Christus se marteldood aan die kruis vir ons vandag.

Die dieptepunt van die kruisgebeure vorm deel van die kerk se belydenis oor al die eeue. Ons bely immers saam met Christene die wêreld oor dat ons glo in Christus wat gekruisig is, gesterf het en begrawe is. Die vroeë geloofsbelydenisse beklemtoon hiermee dat Christus waarlik, volledig sterf. Vir teologieë wat slegs geïnteresseerd is in weners, in voorspoed, in selfverbetering en in ons eie vermoë om onself te transformeer, in ons potensiaal om onself te verwesenlik en derhalwe dus in ons inherente goedheid, is so ’n verstaan van die Gekruisigde God weersinwakkend – dalk selfs afstootlik.

(En is juis dit nie die skandaal van die kruis – waarvan Paulus praat – nie? vra Caputo dan.)

Dalk sou dit noodwendig ook ’n heroerweging van ons beskouing van Godsmag vra. Indien ons meer besorgd is om God op Godstroon te hou, of Godskroon op Godskop te hou, wonder ek of ons in sulke heldhaftige pogings nog, in die woorde van Denise Ackermann, die man op die geleende donkie sal herken. Alreeds by die hervormer Martin Luther sou ’n teologie van glorie, ’n blink en bekwame teologie met

antwoorde op alles, vir ’n kerk sonder onsekerhede en mense sonder broos-hede, tot benoudheid en mistroostigheid lei. Vir talle teoloë (voor en na Luther) sou dit veel eerder kruisteologie (dink aan Jürgen Moltmann met sy *The crucified God*) – die verkondiging van Christus die Gekruisigde (1 Korintiërs 1:23) – wees waarin die goeie nuus van die evangelie veranker is.

Christus se wonde word immers die (bewys)tekens waaraan die dissipels Christus na die opstanding herken. Die opgestane liggaam van Christus dra die merke van die kruisgebeure – onuitgewisse herinnerings aan Godsliding, Godsalleenheid, Godswakheid, Godsdood – selfs ná die opstanding. Die opgestane Christus is die gekruisigde Christus.

Dalk behoort ons swakheid, broosheid, weerloosheid veel eerder vir die geskenk te ontvang wat dit is – juis omdat die kerk vergader rondom Christus die Gekruisigde. Dalk is die kerk veel eerder die gemeenskap van verloorders as die gemeenskap van weners. En ons, in die woorde van Koos du Plessis se lied ‘Skimme’, veel eerder

weerlose, weerlose mense,

op reis van perron na perron ...

► *Dr Nadia Marais doseer Sistematiese Teologie aan die Universiteit Stellenbosch en is lid van die moderatuur van die Wes-Kaapse Sinode.*

Kanker – ’n Nuwe kans in die lewe

CARIN VAN SCHALKWYK

As dominees word ons geleer hoe om met lidmate te werk wat kanker het. Ons word geleer hoe om geestelike gesprekke met hulle te voer en hoe om hulle voor te berei op die prosesse wat gaan kom: van ’n operasie deur tot by chemo en bestraling tot by begeleiding deur die terminale fase heen. Hoe meer ervaar ons word, hoe makliker is dit om vas te stel waar die lidmaat in sy/haar reis is en watter tipe gesprek met die lidmaat gevoer moet word, watter teks gelees moet word en watter soort gebed gebid moet word. Ons leer ook hoe om lidmate te ondersteun wat saam met hulle geliefdes deur so ’n reis gaan.

As die skoene egter aan die ander voet is, is dit iets heel anders. ’n Paar weke gelede is ek gediagnoseer met ovariale kanker fase 1C nadat ’n operasie gedoen is. Wat aanvanklik bedoel was om ’n operasie van ’n uur te wees, het op die ou einde ’n operasie van drie en ’n half ure geword, met meegaande komplikasies. Dit het my verblyf in die hospitaal verleng van 4 of 5 dae tot 12 dae. Hier-

die operasie het plaasgevind tydens die uitbreek van die derde golf van Covid-19 en ’n mens mag nie besoek van enige iemand ontvang nie. Op ’n manier het ek beleef hoe dit voel om afgesny te wees van jou geliefdes en hartsmense, terwyl jy slegte nuus moet hanteer asook liggaamlik baie siek voel. Tussen die van dit alles kan ek egter getuig van die Here se teenwoordigheid en nabyheid. Ek was elke oomblik van die dag bewus van ’n IETS in my kamer waar ek gelê en worstel het met my eie gedagtes. Hierdie IETS het my nie ontstel nie, maar het groot rustigheid aan my geskenk. Ek weet dat dit die Here is wat daar teenwoordig was. Ons moet ook nie vergeet dat die Here doorgewone mense soos jou dokter, fisioterapeut, verpleegsters en selfs die skoonmaker gebruik om jou te ondersteun en by te staan wanneer jou hartsmense dit nie kan doen nie. Daarvan kan ek ook getuig.

Tog moet ek bely dat dit lekker was as een van my hartsmense my geskakel het en gevra het hoe dit met my gaan. Dit was lekker om boodskappe op boodskappe te ontvang waarin daar vir

my verseker is dat ek in mense se gebede is en waarin ek bemoedig is met teksverse. Terwyl ek daar alleen in die hospitaal was, het die Here self ingetree en ’n netwerk van mense in die hospitaal en vanaf die huis geskep wat my gedra en ondersteun het. As ’n lidmaat vandag vir my sou sê dat hy/sy bang is om alleen hospitaal toe te gaan, sal my antwoord wees dat hy/sy nie alleen is nie, maar dat God by hom/haar is in daardie oomblik.

My lewe het radikaal verander ná die diagnose van kanker. Ek moet nuut dink oor wat ek eet en wat gesond is. Ek kan nie bekostig om baie kontak met mense te hê nie, want ek moet probeer om te vermy dat ek siek word en Covid-19 kry. Dit beteken egter nie dat ek nie steeds kan deelneem aan die lewe nie – ek leer nou net hoe om dit op ’n ander manier te doen. Ek besef mense weet nie altyd hoe om dit te hanteer as iemand kanker het nie, baie voel jammer vir my, ander voel bekommerd oor my, ander vermy my, want hulle weet self nie wat om te sê nie. Ek wil graag vir julle vertel hoe ek oor die saak voel,

dalk help dit julle om met begrip saam met my op my weg te gaan. Ek is kinderlik dankbaar en bly dat die gewas verwyder is en dat ek die geleentheid het om vir chemo te gaan. Ek leef nie in ontkenning as ek dit sê nie, maar 12 dae alleen in ’n hospitaalkamer gee ’n mens tyd om te dink, te bid en met God te worstel. In die proses het ek ’n liefdevolle en versorgende God ontdek wat elke tree saam met my reis. Ek het ’n tweede kans in die lewe gekry, wat moontlik gemaak word deur chemo-behandeling. Ek gaan dit aangryp, want ek sien dit as ’n gawe uit God se hand.

Baie dankie vir julle almal se ondersteuning en boodskappe. Ek waardeer dit verskriklik baie. Moet asseblief nie ophou om vir my te bid nie. Julle gebede dra my elke dag en ek weet ek gaan dit ook baie nodig kry as ek met die chemo begin op 29 Junie 2021.

► *Dr Carin van Schalkwyk is skriba van die Vrystaatse Sinode.*

BRON: <https://www.ngkerkvrystaat.co.za/blog/>

Ons hoor graag van jou. Besoek www.kerkbode.co.za en klik op die Briewe-skakel in die navigasiekolom en volg die eenvoudige aanwysings om 'n brief vir publikasie via ons nuwe aanlyninvulform te stuur. Helder en bondige briewe geniet voorkeur by publikasie.

Dolering: 'Ons bid vir ware herlewing en reformasie binne die NG Kerk'

Ds Francois Gouws, voorsitter van die kerkraad van NG Gemeente Springs-Oos, skryf namens die kerkraad:

Hiermee wil die kerkraad van die NG Gemeente Springs-Oos u amptelik in kennis stel dat die kerkraad tydens ons kerkraadsvergadering op 10 Mei 2021 besluit het om te doleer.

Ons wil hiermee, saam met baie ander gemeentes in die NG Kerk, treur oor die besluite wat die Algemene Sinode die laaste paar jaar geneem het wat in stryd is met die Woord van God, veral die besluit oor selfdegeslagverbintenisse (2019).

Die kerkraad het al tydens die Hoëveld Sinodesitting op 18 April 2012 deur middel van 'n beskrywingspunt die Hoëveld Sinode gewaarsku oor twyfel wat gesaai word oor geloofswaarhede in die kerk (Besluit 23/SS/04/2012). Op 16 November 2015 het die kerkraad van NG Gemeente Springs-Oos besluit om appèl aan te teken teen die besluit van die Algemene Sinode op 9 Oktober 2015 in verband met selfdegeslagverbintenisse. Ons treur oor dit wat alles daarna gebeur het en dat die Algemene Sinode onder die druk van 'n burgerlike hof gekies het om eerder aan mense gehoorsaam te wees as aan

die Here. Daarom verwerp ons die 2019-besluit van die Algemene Sinode in verband met selfdegeslagverbintenisse in geheel en verklaar hiermee 'n leergeskil met die Algemene Sinode.

Ons beskou nie dolering as kerk-skeuring nie, maar eerder as 'n staat van rou oor 'n Algemene Sinode wat nie meer die Woord van God as die hoogste gesag aanvaar nie. Ons sal aanhou voorbidding doen vir ons kerk.

Ons bid vir ware herlewing en reformasie binne die NG Kerk sodat die kerk ook in haar besluitneming sal terugdraai na God en na die onfeilbare

Woord van God. Ons verbind ons ook hiermee aan die werksaamhede van die Kairos Netwerk.

Ons versoek dat die Hoëveld Sinode duidelik aan lidmate van die NG Kerk sal verklaar watter standpunt die Hoëveld Sinode inneem in verband met die besluit van die Algemene Sinode ten opsigte van selfdegeslagverbintenisse asook die Hoëveld Sinode se band met die Algemene Sinode. Ons vra ook dat geen taakspan of lede van kommissies ons besoek nie, maar dat die saak tydens 'n buitengewone sinodesitting hanteer word, aangesien slegs 'n sinode 'n besluit kan neem oor hierdie sake.

Van watter (G)ees praat jy?

Johann Theron van Kraaifontein skryf:

Die Pinksterdienste wat so pas in die kerk gehou is, het 'n ryke tradisie in ons NG Kerk sedert 1861. Daar is egter dikwels groot verwarring oor wie of wat die Gees dan sal wees. Party praat maklik en sê dat God vir hulle sus of so gesê het en die waninformatie oor die pandemie en inentings is 'n sprekende voorbeeld hiervan. Daar bestaan 'n groot gevaar dat al gebruik ons die Bybelse terme dat die Heilige Gees "in" ons is, ons maklik die Heilige Gees op 'n on-Bybelse manier kan verwar met ons eie gees. Noordmanskenners daaraan dat die Bybel ons ook leer dat die Heilige Gees "op" alle vlees uitgestort sal word (Hand 2:17). As ons dan in gedagte hou dat ons uit die Gees (weer) gebore word (Joh 3:8), dat die Heilige Gees die Gees van die waarheid is (Joh 16:13) en ook dat die swaard van die Gees die Woord van God is (Ef 6:17), sal ons miskien versigtiger luister na elkeen wat aanspraak maak daarop dat God deur hulle sou praat.

Dan is daar natuurlik die gevaar om die Heilige Gees te verwar met die meerderheid of die volk se mening of groepsgees. As daar na hierdie groeps-

gees geluister is, sou die volk Israel sekerlik nie eens die Rooi See gehaal het nie, wat nog van die beloofde land. Dan die ontstellende, dat Barnabas wat beskou word as 'n man vol van die Heilige Gees (Hand 11:24), saam met Petrus huigel en hom afskei van die nie-Joodse gelowiges (Gal 2:13). Mag Christus ons bewaar deur sy Heilige Gees as die gees wat in 1857 die kerk gelei het om soos Barnabas op te tree dieselfde gees is wat sedert 1861 nog in ons kerk teenwoordig is.

Maar weet julle van ds Regina van NG Gemeente Wildevy?

Andries Gous skryf:

Die artikel in *Kerkbode* van 28 Mei 2021 getiteld "Nou is sy ds Sibanyani" dien as verwysing.

In die artikel word dit genoem dat ds Sibanyani die eerste swart vrou is wat bevestig is as leraar in die NG Kerk.

Graag wil ons net daarop wys dat dit nie heeltemal korrek is nie.

Op 25 September 2016 is ds Regina Nausas bevestig as standplaasleraar** van die NG Gemeente Wildevy.

Ds Regina het haar teologiese opleiding voltooi by DEGNOS in Namibië en is daarna as leraar bevestig op Henta, 'n



Ds Regina Nausas saam met ds Josef Gevers wat die medeleraar is van die NG Gemeente Wildevy en gestasioneer is op Tsintsabis.

wyk van die NG Gemeente Wildevy. Ds Regina se huistaal is Hai//om, maar sy praat vele van die ander tale in Namibië ook vlot.

Dit beteken dan dat ds Regina Nausas die eerste swart vrou is wat bevestig is as leraar in die NG Kerk.

Die bediening op Henta en in die omgewing is baie dinamies, die wyk doop jaarliks meer as 30 kinders.


Die NG Gemeente Wildevy is 'n onafhanklike gemeente van die NG Kerk in Namibië en bedien die 600 plase in

die Otavi/ Grootfontein / Tsumeb-area.

• *Brief verkort – Red.*

** 'n Standplaasleraar is 'n persoon wat die vereiste kerklike opleiding deurloop het, gelegitimeer, georden en bevestig is om diens te lewer binne die missionale konteks waarvoor hy/sy opgelei en beroep is. Standplaaslaars het preekbevoegdheid en kan die sakramente bedien in die missionale konteks van sy/haar bediening.

Bron: <http://ngkerk.net/>





Eiesoortige vertelling lok soms 'n traan, soms skaterlag

Ek onthou: 'n Outistiese seun se lewensreis deur Anton Müller
Uitgewer: flyleaf Publishing & Distribution, 2020 (tweede druk 2021)
Resensent: Elsje Büchner

Ek sal dié prentjie nooit vergeet nie: Hy stoot sy fiets doordrustig in die kerkpaadjie af en parkeer dit netjies langs die preekstoel. Daarna stap hy op na kollega Lambert Jacobs, wat op die preekstoel met die aankondigings besig is. “Lambert! Het jy al die mense van my boek vertel?” Hulle gesels net daar oor die boek, waarna Anton sy sitplek in die voorste ry inneem.

Anton is die oudste seun van wyle prof Bethel Müller, vroeër professor in Praktiese Teologie aan die Teologiese Fakulteit van Stellenbosch. Op driejarige ouderdom het Anton se gedrag verander en is hy met outisme gediagnoseer. Sy ouers is aangeraai om hom in 'n inrigting te plaas, maar sy ma Helen het vasgebyt en doelgerig daaraan gewerk om Anton te help om as “volwaardig in die wêreld” te funksioneer. Hy was 'n leerling aan Paul Roos Gimnasium en later die Olyfkrans Kollege op Swellendam, waar hy gematrikuleer het.

Anton het wel sy plek volwaardig in die samelewing ingeneem. Hy werk vandag steeds in die dorpsbiblioteek en het later self 'n meenthuis in Die Rand op Stellenbosch gekoop. Sedert 2015 bly hy in 'n tuinwoning by sy broer, Corrie.

Ek onthou is nie 'n boek oor outisme nie. Dit is Anton se lewensverhaal in sy eie woorde. Hy het in 2014 begin om aantekeninge in 'n Croxley-notaboek te maak. Niemand het hulle regtig daaraan gesteur nie, totdat 'n grypdief Anton oorval en met die Croxley-boek vort is. Eers maande later het Corrie agtergekom dat Anton besig was om “'n opstel oor (sy) Ma” te skryf. Corrie het 'n nuwe Croxley-boek gaan koop en vir Anton gevra om weer sy verhaal te begin skryf. Bun Booyens, voormalige redakteur van *Die Burger* en 'n oud-skoolmaat van Anton, het gehelp om die teks drukgereed te kry. Anton se broers en skool-



Anton Müller staan langs ds Lambert Jacobs op die kansel.

Foto's: Elsje Büchner



“Soms stort jy 'n traan en ander kere lag jy uit jou maag vir die unieke beskrywings en staaltjies uit Anton se lewe,” skryf Elsje Büchner in hierdie resensie van *Ek onthou: 'n Outistiese seun se lewensreis* deur Anton Müller.



maats se stemme word tussendeur gehoor om konteks aan Anton se vertelling te verleen.

'n Mens kan Anton se eie unieke stem duidelik in die boek hoor. Hy beskryf gebeure kleurrik en tot in die fynste besonderhede. Die leser kan as 't ware sien wat Anton beskryf, wie 'n rol in sy lewe gespeel het en hoe sy skoolmaats hom gekoester het.

Die boek gee jou 'n blik in die lewe van 'n persoon wat outisme het. Jy kry ook 'n intieme blik in die lewe van 'n familie en vriende wat Anton gehelp en

toegelaat het om sy eie mens te wees, 'n mens wat met dankbaarheid lewe en sy unieke gawes omhels.

Soms stort jy 'n traan en ander kere lag jy uit jou maag vir die unieke beskrywings en staaltjies uit Anton se lewe. Anton maak 'n onuitwisbare indruk op diegene met wie sy lewenspad kruis. Hy verryk jou lewe. Hy herinner die predikante telkens waarvoor om te bid en het 'n diep verstaan van dissipelskap.

Toe hy by sy broer, Corrie, gaan bly het, beskryf hy sy afskeid van Stellenbosch-Noord soos volg: “My nuwe blyplek het ook beteken dat ek na my nuwe kerk sou skuif ... Ek het toe vir my vriende by die Noordkerk gesê dat ek hulle gaan verlaat. Ek het aan hulle verduidelik dat die Here vir my gesê het om oor te kom na die nuwe kerk toe, want Hy het my daar nodig.”

● *Ek onthou* is beskikbaar by boekwinkels en op Amazon.

► *Dr Elsje Büchner* is tentmakerleraar by NG Kerk Stellenbosch-Noord.

Om telkens nuut te luister en te dink uit Bybelse verhale

Encouraging encounters deur Nel van Doorn
Uitgewer: Bybelkor, 2020
Resensent: Jampie Nel

Hoe lyk ontmoetings wat mense oor grense skuif en aan mekaar verbind? Nel van Doorn skryf in haar voorwoord reeds oor wat sy by Martin Buber geleer het: “In die geval van 'n ware ontmoeting tussen my en die ander, sien ons nie langer kleur, hare en vel nie. Detail verdwyn. Wat werklik saak maak in die oomblik van ontmoeting, is die gemeenskaplike fokus op die interaksie tussen die Ek en die Ander.”

In die onderskeie hoofstukke tel die leser telkens drie lyne op, naamlik die teorie van kontekstuele pastoraat; uitgebreide teksontledings om telkens vanuit die Bybelse verhale nuut te luister en te dink en laastens die filosofie van Emmanuel Levinas en Martin Buber.

Die boek lewer 'n besondere bydrae om meer te verstaan van intergenerasionele oordrag binne families wat disfunksioneel is en hoe dit gekeer of verander kan word. Baie klem word geplaas op die temas van dialoog.

Van Doorn gebruik telkens Bybelse verhale om die onderskeie temas te illustreer. So illustreer sy byvoorbeeld dat generasies kan kies om destruktiewe nalatenskap te herken en te hanteer, sodat dit nie as onopgeloste, swak verhoudings op die volgende generasie afgepak sal word nie. Hier gebruik sy die verhaal van Gideon in Rigters 6 om juis die temas van skuld en skuldgevoel uit te wys en Eksodus 34 om skuld, vergifnis en die sondes van die vaders te beskryf.

Deur hierdie uiters insiggewende boek, help Van Doorn gelowiges om te besef hoe belangrik verhoudings is, veral in die beoefening van pastoraat, asook die noodsaak vir verantwoordelijkheid en verantwoordbaarheid in prosesse om heling te bewerkstellig. So help sy lesers prakties deur veral die effek, sowel as die impak, van vorige generasies se destruktiewe gedrag op die huidige generasie uit te wys.

Die boek word reeds voorgeskryf in die MTh in Kliniese Pastoraat by die Universiteit Stellenbosch.

► *Ds Jampie Nel* is 'n predikant by NG Oostersee.

“Anton maak 'n onuitwisbare indruk op diegene met wie sy lewenspad kruis. Hy verryk jou lewe.”

Anandie Greyling en Marileen Steyn kyk na die nuutste navorsing in teologie en vra: so what? Kontak Anandie by anandiegreyling@gmail.com en Marileen by marileen.steyn@gmail.com



Anandie gesels met **COBUS VAN WYNGAARD**

Navorsing: Só ondersoek ons

Dr Cobus van Wyngaard gesels met Anandie Greyling oor hoe navorsing op 'n verantwoordelike wyse op 'n bepaalde tyd kan uitwys wat in die kerk leef.

Wonder jy soms oor aannames wat oor die NG Kerk of selfs oor 'n gemeente aanvaar word? Dan bevind jy jousef in goeie geselskap. Die Algemene Sinode se Taakspan Navorsing bestudeer graag persepsies oor wat in die kerk leef. Op die vraag hoekom daar spesifiek 'n taakspan vir navorsing bestaan, antwoord dr Cobus van Wyngaard, ondervoorsitter van hierdie taakspan: "Sodat ons *actually* kan weet wat regtig in die kerk aan die gang is." Daar is meer as 'n duisend NG gemeentes, verduidelik

Van Wyngaard, en baie keer dink ons dat ons 'n prentjie het van dit wat in die kerk aan die gebeur is. Tog het elkeen van ons 'n "baie klein venstertjie" waardeur ons kyk. Navorsing, meen Van Wyngaard, help om deur 'n groter lens te kan kyk na dit wat aan die gebeur is.

Ander taakspanne van die Algemene Sinode vra soms vir hierdie taakspan om 'n spesifieke tema of vraag in gedagte te hou met 'n volgende rondte navorsing. Tog maak Van Wyngaard dit duidelik dat navorsing in die kerk nie 'n gesentraliseerde ding is nie. Navorsing is nie iets wat verby een persoon, taakspan of spesifieke 'tafel' moet gaan nie. Navorsing geskied vanuit verskillende plekke soos byvoorbeeld studente wat studies doen, plaaslike sinodes wat hulle eie navorsing doen of ander taakspanne.

Verskeie gemeentes is ook besig met navorsing, sonder dat hulle dit noodwendig beseft. Dit is deesdae algemeen dat 'n gemeente 'n google-vorm opstel om hulle gemeente oor iets te pols.

Van Wyngaard praat passievol oor navorsing en beskryf dit as "om beter te verstaan wat aan die gebeur is". Hy meen dit is krities dat 'n mens beseft jy weet nie alles nie. "Ons aannames oor wat lidmate dink is nie altyd akkuraat nie," sê hy. My eie persoonlike idees van wat ek en my vriende dink is ook nie altyd wat predikante oor die algemeen oor 'n saak dink nie. Van Wyngaard beklemtoon dat navorsing met "n tikkie nederigheid gedoen moet word" en altyd vra "hoe luister ons beter?" Hierdie luister is baie keer aan die hand van vraelyste.

Hierdie taakspan, volgens Van Wyngaard, fokus veral op die deskriptiewe aard van die data – "wat gaan aan?" Hy meen ook dat die data oor tyd kan wys wat in die kerk geskied het. Van Wyngaard is gemaklik om te sê dat hierdie taakspan deel is van 'n groter sisteem. Ons dien die groter kerkverband deur te help om 'n beter prentjie te hê oor 'waar is ons?' Wat daarmee gebeur lê mos nie net by Taakspan Navorsing nie, sê Van Wyngaard. Ons taakspan vra gereeld "wat is die persepsies" en dan gaan toets ons dit. 'n Onlangse voorbeeld daarvan is die jongpredikante-paneel wat in 2019 gedoen is. Daar was 'n persepsie dat jong predikante nie bereid is om platteland toe te gaan nie. En die navorsing het uitgewys dat die persepsie vals was.



Marileen gesels met **KOBUS SCHOEMAN**

Praat eers met die 'ander' en dán

Prof Kobus Schoeman is bekend vir sy werk met kerklike navorsing. Marileen Steyn gesels met hom oor die waarde van navorsing op gemeentevlak en van die netwerke wat daaruit kan vloei.

Schoeman is lief vir statistiek. Hy beskryf sy navorsing en sy reis met Kerkspieël as sy werk, maar ook as sy stokperdjie. Kerkspieël het in 1981 as 'n sensusopname in die kerk begin. Oor die jare het dit ontwikkel in kerklike navorsing wat ook vra na dit waarmee gemeentes en geloofsgemeenskappe besig is en na die maniere waarop hulle 'n verskil kan en moet maak. Schoeman is nou alreeds sedert 1988 by Kerkspieël betrokke en staan tans aan die hoof van hierdie navorsing.

Waardevol soos wat die navorsing is, is dit egter nie alleenlik genoegsaam vir effektiewe gemeentebediening nie. "Deel van ons problematiek met ons teologie is omdat ons nie ordentlike, plaaslike, kontekstuele konteksanalise doen nie," sê hy. Die doel van gemeentewees is volgens Schoeman nie om net bymekaar te trek en in 'n gemeente in te vlug waar almal dieselfde as jy dink nie, maar om juis uit te gaan en saam met die gemeenskap en groter gemeenskap waarin 'n mens lewe, te worstel. "Ons is nie regtig hartgrondig besig om te worstel met die vraagstukke binne die gemeenskap nie."

Schoeman spreek sy kommer uit oor die feit dat gemeentes dikwels nie met die 'ander' gesels nie. Diegene in die marges word dikwels oorgesien sonder

dat hulle stem na geluister word. Kontekstuele bediening vra egter dat gemeentes eers met die gemeenskap gesels en dán begin gesels oor kerkwees.

Beteken dit dat ek aan elke deur in my gemeenskap moet gaan klop? Nie noodwendig nie. Schoeman praat oor die waarde van observasie: "Moenie net deur jou gemeenskap jaag nie, maar stap, draf en ry fiets. Vra jousef dan: Watter stemme hoor jy nie en wie is afwesig?" Hy gebruik die voorbeeld van gemeentes wat dikwels aanvaar dat hulle ouerwordend is, maar die jongmense in hulle gemeenskap nie raaksien of na luister nie. Iets soos die webwerf Wazimap.co.za, wat op grond van sensusdata wys hoe die samestelling van 'n gemeenskap lyk, kan byvoorbeeld 'n gemeente help om te vra of die

gemeente die gemeenskap reflekteer en om die stemme wat nie teenwoordig is nie, te identifiseer. So ook kan die National Church Life Survey (NCLS) Werkboek gemeentes help om anders na hulle gemeenskappe te kyk.

Die goeie nuus is dat die mense in die gemeenskap waarskynlik reeds ontvanklik vir samewerking kan wees. Schoeman, wat ook by Statistiek Suid-Afrika betrokke is, meen dat ongeveer 80% van Suid-Afrikaners met die Christelike geloof identifiseer. Helfte van hierdie 80% het aangedui dat hulle weekliks eredienste bywoon. Die geleentheid is dus daar om ekumenies oor gemeentegrense heen te werk.

"Statistiek," sê Schoeman pertinent, "is net 'n instrument. Dit is nie 'n oplossing nie." Hiermee beklemtoon Schoe-

Hierdie skrywes word aangebied in samewerking met en met ondersteuning van die Taakspan vir Teologiese Navorsing (Wes-Kaap).

aannames

As van die lesers nuuskierig is oor hierdie taakspan se navorsing en wat in die kerk leef, waar kan hulle die inligting verkry? Van Wyngaard deel dat hulle binnekort nuwe navorsing gaan publiseer by <http://ngkerk.net/navorsingverslae/>

As ondervoorsitter van die Taakspan vir Navorsing deel Van Wyngaard hulle taakspan se verbintenis as “ons wil navorsing op so ’n manier doen dat dit die kerk help, waar die kerk nou is”.

Indien gemeentes ernstig is om hulle lidmate in vraelyste of google-vorms te pols, wat moet hulle in gedagte hou?

- Moenie te veel oop vrae gebruik nie, anders kan ’n mens nie ordentlik deur die antwoorde werk nie.
- Om verantwoordelik te analiseer is nie so maklik nie. Vra liever minder

vrae, maar vra presies wat julle wil weet.

- Daar is ’n vertrouensverhouding nodig tussen die persone wat dit invul en dié wat dit analiseer. Behou anonimiteit en werk respekvol met die antwoorde.
- Luister. Wees versigtig om antwoorde uit vraelyste te wil intrek in bestaande oortuigings en debatte.
- Moenie die stem van die meerderheid vanuit die vraelyste vat en dit die posisie of standpunt van ’n gemeente maak nie. Geloofsonderskeiding in die kerk werk anders.

Van Wyngaard praat van ’n “groter sensitiwiteit” en dat ons fyner moet werk as ons wil weet wat in die kerk leef. Watter aannames leef in ons hart, gemeentes en



Dr Cobus van Wyngaard

by braaivleisgesprekke oor die NG Kerk en haar gemeentes? Navorsing kan ons help om op ’n verantwoordelike wyse nederiger te luister en hopelik versigtiger te praat.

- Dr Cobus van Wyngaard is dosent in

Sistematiese Teologie aan die Universiteit van Suid-Afrika en ondervoorsitter van die Algemene Sinode se Taakspan Navorsing.

► Ds Anandie Greyling is jeugwerker by Pierre van Ryneveld Geloofs familie.

oor kerkwees

man dat statistiek nie die einddoel kan wees nie, maar eerder die pad na iets groters. Wat is hierdie iets groters volgens hom? Dit gaan vir hom daarvoor om saam te werk en te bou aan die koninkryk. Dit is volgens Schoeman die groot vraag waarmee gemeentes moet worstel wanneer hulle missionaal-kontekstueel wil dink. Hoe kan ons saamwerk om ’n verskil in die gemeenskap te maak? “Gaan worstel dan met die Bybel in die een hand en die analise in die ander en vra dan eers of ek werklik in die gemeenskap betrokke is,” sê hy.

Dit gaan oor ’n etiese vraagstuk. “Ons kla oor korrupsie,” verduidelik Schoeman. “Ons kla oor dienslewering. Ons kan saam ’n netwerk skep wat saam ’n verskil in die gemeenskap kan maak.” Daarom is die fokus vir Schoeman op

die bou van netwerke tussen kerke en ander organisasies, want “ons kan dit nie alleen maak nie.”

Hierdie tipe netwerke is selfs nog van groter belang in die lig van die toename in digitale bediening en werk wat sedert Covid-19 toegeneem het. Schoeman voorsien dat die toekoms ’n hibriede benadering tussen digitale en fisiese bediening gaan wees. Die uitdaging lê in sulke tye in verhoudingsbou. “Mense kan net so lank vir ’n skerm kyk, iewers het ons interaksie nodig.”

In die lig hiervan, is Schoeman juis opgewonde om te sien dat gemeentes in grendeltyd in 2020 netwerke met ander gemeentes en nie-regeringsorganisasies gebou het. Deur hierdie samewerking kon gemeentes se invloed wyer kring, maar kon hulle ook begin om werklik



Prof Kobus Schoeman

gemeente vir die gemeenskap te wees.

Schoeman se oproep is dus tot gemeentewees wat luister, sien en saamwerk. Dit is gemeentewees wat nie net Sondae as kerk saamkom nie, maar ook in die week as kerk in die gemeenskap uitgaan. Hy vra vir ’n teologie waar die tekkie die gemeenskap se slagattee sal tref en sal netwerke vorm om saam die

koninkryk van God in plaaslike gemeenskappe uit te bou.

• Prof Kobus Schoeman is professor in praktiese teologie wat fokus op gemeentestudies en leierskap. Hy is ook die voorsitter van die Taakspan Navorsing van die Algemene Sinode.

► Ds Marileen Steyn is jeugleeraar by NG Saldanha.

Taakspan sit data neer voor storievertellers

“Navorsing is ’n instrument vir dieper gesprek,” sê prof Kobus Schoeman. Dr Cobus van Wyngaard som dit weer so op: “Ons vra, wat is die persepsie en kom ons toets dit.” Dr Lourens Bosman weeg via ’n storie in: Wat hom opval wanneer hy oor die Tweede Wêreldoorlog oplees, is hoe deeglik daar rekord gehou is, vertel hy. “Hulle het alles opgeskryf – natuurlik later tot die Nazi’s se groot spyt!”

Schoeman, Van Wyngaard en Bosman is nie drie dominees wat lukraak die lof van akademies geloofwaardige navorsing in die kerkomgewing besing nie. Hulle is 75% van die Algemene Sinode se Taakspan Navorsing. Tesame met dr Pieter van der Walt is hierdie span – met sy bande aan die Universiteit van die Vrystaat, Unisa, Universiteit Stellenbosch en die Algemene Sinode, waar Bosman die algemene bestuurder is, se werk om betroubare kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing te verrig en te publiseer.

Waar vele met vrae oor ’n aktuele kwessie mag rondloop, soos “hoe vaar gemeentes se geldsake te midde van Covid-19?”, is dit danksy hierdie span se navorsingsverslae dat ’n mens in Mei vanjaar kon hoor dat 43,8% van gemeentes in ’n ewekansige steekproef laat weet het: “Ons inkomste het min of meer dieselfde gebly”. Bykans 22% het meer geld in die bepaalde boekjaar ontvang ... Dis nogal nuus!

Wat ’n mens juis bring by die vraag: Wat word van hierdie data en die insigte waartoe dit die kerk kan lei? Is die gebaande weë genoeg? Dit is nou die sinodale nuusbriewe, *Kerkbode* se nuusblaai en die Algemene Sinode se eie kommunikasie aan leraars en lidmate?

Onder leiding van die taakspan en in samewerking met *Kerkbode* het sowat 19 persone – hoofsaaklik dominees – vir drie dae in Junie op Wellington saamgetrek vir ’n leergeleentheid waar nuuskierige storievertellers op betroubare data “losgelaat word” met die hoop om hierdie gebaande kommunikasiekanale so ’n bietjie aan te vul en uit te brei.

Die 2021 Slypskool vir Skrywers het by die Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit plaasgevind en deelnemers van reg oor Suid-Afrika asook Namibië gelok.

Die skrywers kon tussendeur tyd by die sentrum se drie daaglikse kapeldienste en rondom die Stil Ontbyt-tafel hulleself begewe in Excel-tabelle en ander verwerkte datastelle op soek na stories wat hulle verbeelding aangryp. (Tydens een van die kapeldienste waarby slypskoolgangers deurgaans betrek is, verwys die kapelmeester prof Elna Mouton na ’n aanhaling wat sê dat ’n oomblik van verwondering enige kreatiwiteit voorafgaan).

Kerkbode publiseer hiernaas drie stories deur slypskoolgangers en nog meer by www.kerkbode.co.za.

Eensyds was die samekoms “bloom” ’n leergeleentheid vir die deelnemers wat daar kon wees. Maar die groter “probleem” wat *Kerkbode* deur haar deelname probeer aanspreek, is tweeledig:

- Om ’n groter netwerk van medewerkers te bou.
- Om ’n sinvolle datakomponent te behou in verslaggewing oor onderwerpe wat dikwels tot emosionele gesprek lei.

Tydens die Algemene Sinodale Moderamen se sitting in Mei vanjaar, kon afgevaardigdes verdere uitslae van die taakspan se navorsing wat hierbo genoem word te siene kry. Dit is nou uitkomst van die sogenaamde Predikantepaneel. Daar is onder meer gekyk na die Algemene Sinode se 2019-besluit oor selfdegeslagverbintenisse om ook ’n datagebaseerde bydrae tot hierdie soms emosionele gesprek te maak. Respondente, wat voltydse leraars, tentmakers en termynposte insluit, is gevra om te reageer op die stelling: Ek verwelkom die beginsel van die 2019-besluite dat die NG Kerk ruimte skep vir verskillende standpunte oor etiese sake. Sowat 23,5% van deelnemers het verskil van hierdie stelling (6,3% “stem nie saam nie” en 17,2% “stem beslis nie saam nie”).

Sowat 67,2% van respondente het saamgestem met die stelling, met 9,4% wat neutraal of “onseker” gekies het as opsie. Ook diegene wat saamstem met die stelling kon kies om te sê hulle stem “beslis” saam (35,9%) of gewoon dat hulle saamstem (31,3%).

Tussen daardie desimale en persentasiepunte lê daar, vanuit ’n joernalistieke hoek gesien, baie stories – baie verstaanwerk! Ons hoop van die stories deur 2021 se slypskoolgangers sal *Kerkbode* en die kerk hiermee help – oor daardie onderwerp maar ook die baie ander aktuele onderwerpe wat soms in die skadu van “Debat” gestel word.

Foto’s en teks: Le Roux Schoeman



Foto: Pieter van der Walt



Pandemie verbreek kerk se selfisolasie

Terwyl Covid-19 en die gepaardgaande regulasies van 'n nasionale grendelstaat in 2020 die gewone gang van die ganse land ingeperk het, onthul navorsing interessante en verblydende tendense in die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, skryf NIOMA VENTER.

Trouens, die kerk se droom om teen 2030 oortuigend deel te wees van ondersteunende vennootskappe in die samelewing wat die werklike nood van mense aanspreek, het tydens Covid-19 vinniger in beweging gekom as wat 'n nasionale kerkvergadering in Oktober 2019 waarskynlik sou dink.

Die gemeenskap van Citrusdal is 'n sprekende voorbeeld. Neem jy die N7, verby Piketberg en oor die Piekenierskloofpas, word jy begroet deur 'n vrugbare vallei, goudgeel van die sitrusvrugte in seisoentyd. Daar, op die oewer van die Olifantsrivier, staan die deure van die kerk figuurlik gesproke wawyd oop in die harde nuwe werklikheid van selfisolasie en grendeltyd in 2020. Sarel Eloff, maatskaplike werker in diens van die NG gemeente, getuig dat die pandemie die gemeenskap op 'n merkwaardige wyse verenig het. Die NG gemeente en die Verenigende Gereformeerde Kerk (VGK) het 'n leidende rol hierin gespeel met 'n reeds bestaande inisiatief, Action for Community Transformation (ACT) Citrusdal. Dr Eugene Fortuin, tans dosent aan die Universiteit van die Vrystaat en voormalige leraar van die VGK op Citrusdal, verduidelik dat ACT 'n uitstekende basis vir samewerking tydens die pandemie gebied het. Hy verklaar voorts dat die

pandemie die plekke van werklike armoede in die vallei nog duideliker uitgewys het. Plaaslike diensorganisasies, die polisieforum, die landbousektor, sakekern, plaaslike owerheid en natuurlik die kerke hier, het soos een mens saamgestaan en verseker dat nood geïdentifiseer word en behoeftes aangespreek word.

Citrusdal se verhaal korrespondeer met navorsing in die Wes-Kaap na die eerste maand van isolasie. Hierdie ondersoek toon dat 75% van alle NG gemeentes inskakel by uitgebreide netwerk-vennootskappe vir humanitêre ondersteuning in plaaslike gemeenskappe in dié tyd.

Dit is goeie nuus vir die NG Kerk. Dié kerk het in 2019 'n span aangestel om 'n scenariobeplanningsproses onderweg na 2030 te lei. Die opdrag was eenvoudig: Help ons om die droombestemming van die kerk oor tien jaar te visualiseer. Gerugsteun deur 'n omvattende proses van navorsing, kon die paneel uiteindelik in Oktober 2019 'n droomscenario aan 'n algemene sinodale kerkvergadering in Johannesburg voorlê. Die vergadering

aanvaar die 2030-visie van 'n kerk wat oor wye grense hande vat met ander. Prof Kobus Schoeman, dosent aan die Universiteit van die Vrystaat en een van die leiers van hierdie strategiese proses, verduidelik dat verskillende scenario's as toerusting vir gesprekvoering oor keuses en opsies vir die kerk ontwikkel is. Insette oor 'n periode van twee jaar is gebruik om verskillende uitkomst te visualiseer. "Uiteindelik is die deelname van 840 gemeentes (76% van die totale aantal NG gemeentes), 6 080 aktiewe lidmate, 147 jong leraars, 27 meningsvormers vanuit die kerk en 316 indrukke uit 'n *Kerkbode*-peiling gebruik om 'n ideale toekoms vir die kerk te visualiseer," verduidelik

Schoeman. "Dit is duidelik dat die kerk van die toekoms minder op hulleself en meer op die plekke van die grootste nood in ons land wil fokus," sê hy.

Dit is veral die stemme van jong geestelike leiers in die kerk wat die droom van betekenisvolle gemeenskapsbetrokkenheid onomwonde stel. "Geloof het alles te make met kwessies soos maatskaplike nood en regstellende geregtigheid," verwoord dr Cobus van Wyngaard, medeprofessor in Sistematiese Teologie by Unisa, die stem van die grootste meerderheid (60%) leraars onder die ouderdom van 40 jaar in die NG Kerk.


Uit genoemde navorsing toon die reaksie van lidmate dieselfde sentiment. *Kerkbode*, die nuusdiens van die NG Kerk, het in die eerste week van die inperking (2020) 'n aanlyn meningspeiling onder lesers gedoen. Uit die reaksie van 219 lesers was dit duidelik dat die gemiddelde kerklidmaat nie primêr begaan is oor die ongerief van die inperking op hulleself nie. Daar is eerder die sterk behoefte om iets te doen vir kwesbares en diegene in nood.

"In die Paarl," vertel dr Ryno Els, predikant by die Toringkerk, "het ons vroeg in die pandemie 'n reeks gesprekke tussen kerke en diensorganisasies gevoer om vas te stel watter bydrae elkeen het om te maak, sodat ons saam meer effektief by plekke van werklike nood kan uitkom." Die Wes-Kaapse Sinode het binne die eerste weke van die pandemie 'n hulpmiddel, genaamd *Hidden Treasures* ontwikkel wat kon help met netwerkvorming tussen verskillende rolspelers in 'n dorp. Die proses is met groot sukses onder leiding van Els en gemeente-maatskaplike werker, Janneke Marais, in die Paarl deurgevoer.

Die ironie ontgaan 'n mens nie. Terwyl die pandemie gekenmerk word deur isolasie van mense en sosiale afstand, word dit juis die tyd in die geskiedenis van die kerk wat sal uitstaan vir die verbreking van die kerk se selfisolasie. Terwyl die kerk nog besig was om te droom oor die toekoms, het die pandemie toegeslaan en al hierdie drome in versnelde werking gebring. Vir die kerk beteken dit dramatiese skuiwe, van selfsorg, oftewel selfisolasie in pandemietaal, na sorg vir die seerste plekke in die Suid-Afrikaanse samelewing. Terwyl die pandemie fisiese kontak tussen mense verhinder, kry die gedagte van omarming nuwe betekenis vir die kerk. Hoewel die NG Kerk 'n ryk geskiedenis van maatskaplike hulpverlening het, is die aanvoeling dat die toekoms groter klem daarop sal lê om hierdie betrokkenheid in goed georganiseerde vennootskappe uit te voer, eerder as deur afsonderlike of geïsoleerde betrokkenheid.

Die kerk kan nou net voortbou op die positiewe ervarings van samewerking wat tydens die pandemie feitlik spontaan gebeur het. Die nuwe geslag leierskap én die oorgrote meerderheid lidmate van die NG Kerk is gereed hiervoor.

► *Ds Nioma Venter is die assessor van die Algemene Sinode en die Wes-Kaapse Sinode.*



Data uit 'n meningspeiling wat in die eerste week van die inperking (2020) onder *Kerkbode*-lesers gedoen is, toon dat die gemiddelde kerklidmaat nie primêr begaan was oor die ongerief van die inperking op hulleself nie. Daar is eerder die sterk behoefte om iets te doen vir kwesbares en diegene in nood, skryf ds Nioma Venter in hierdie stuk wat gelewer is as deel van 'n slypskool vir skrywers wat in Junie op Wellington aangebied is.

“Terwyl die pandemie fisiese kontak tussen mense verhinder, kry die gedagte van omarming nuwe betekenis vir die kerk.”

Die 'olifant in die kamer' is toe nie só groot

MARCO KOCH

Luister ons werklik na *al* die stemme? Die NG Kerk het onlangs 'n jaartema ingerig as 'n "Seisoen van Luister". Luisterpraktyke word oral binne kerkkringe aangemoedig op verskeie maniere. Van wandelin-die-Woord oefeninge tot retraites word die idee van "luister" oraloor beklemtoon. Is daar nie egter dalk 'n paar stemme wat deur die vangnet van luisterpraktyke val nie? Is daar nie dalk 'n paar stemme wat blootweg geïgnoreer word nie?

Tydens die onlangse predikantekonferensie van die NG Kerk in Namibië op Swakopmund was die meeste van die leraars saam besig met 'n luisteroefening. Die oggend begin met "veiligtrap" gesprekke van hoop vir 'n groeiende toekoms vir die NG Kerk in Namibië. Te midde van onderliggende spanning staan Jan Theron (NG Pionierspark) op en vra: "Kan ons die olifant in die kamer aanspreek, asb?" Dit maak toe die deur oop vir die olifant om in te kom. Hierdie olifant is groot, hierdie olifant is kwaad, hierdie olifant storm. Hierdie olifant se naam is selfdegeslagverhoudinge (SGV), sy bynaam is Skrifgesag en sy skaduwee neem die vorm aan van "liberale" teologiese opleiding.

En daar het ek gedink die regte dwaal-olifant wat so 'n tyd terug by Swakop konsternasie veroorsaak het, is veilig verskuif!

Maar dit kom voor of ons eie olifant (in die kamer) soos hierdie weghol-Swakop-olifant, moontlik groot skade kan aanrig as hy nie reg hanteer word nie. Die vraag wat 'n mens kan vra is, hoe groot is hierdie olifant regtig? Met die aanloop tot die Groeikonferensie het 'n paar verteenwoordigers van die

Noorde Ring die moderamen besoek vir 'n opvolggesprek rondom die ope brief van die sogenaamde Sola Scriptura-groep:

Hierdie brief word ingelei met die stelling: "Dit is met groot hartseer, verslaendheid en gebrokenheid voor God dat ons, as leraars van die NG Kerk in Namibië, kennis geneem het van die Algemene Sinode van die NG Kerk se besluit (Benoni, 8 Oktober 2019) wat ruimte maak vir selfdegeslagverhoudings en selfdegeslagverbintenisse in die kerk."

Die terugvoer van die gesprek met die moderamen was dat die verteenwoordigers voel dat hulle, ten spyte van hulle ernstige brief, nie gehoor word nie.

Die kuratorium het daarom die Groeikonferensie ontwerp as 'n ruimte waar almal gehoor kan word. Dit het ook toe so uitgespeel dat die brieffskrywers van die Sola Scriptura die mees uitgesproke was. Daar is menigmale oor swak leierskap gepraat. Daar is geëis dat die NGKN se leierskap sterk standpunt moet inneem. Nog 'n sterk tema was dat Namibië moet wegbreek van die res van die NG Kerk. Na die konferensie het een van die brieffskrywers nog steeds gevoel dat hulle nie gehoor word nie. In 'n video maan hy kerkleiers om nie "jellievisse" te wees nie.

Die verwikkeling van die olifant neem stadig maar seker 'n ironiese wending. Die ope brief is wyd versprei, die Groeikonferensie is spesifiek ingerig as 'n ruimte om na mekaar te luis-

ter. Aan die ander kant van die spektrum was daar iemand wat 'n anonieme brief geskryf het aan die Sola Scriptura-groep met die versoek om die bewoording van "ons, as leraars van die NG Kerk in Namibië" te verander na "sekere leraars van die NG Kerk in Namibië."

Hierdie versoek is klaarblyklik geïgnoreer en die brief verskyn met die oorspronklike bewoording in *Kerkbode* se afdeling vir verklarings deur ringe en gemeentes. By die Groeikonferensie was daar 'n predikant wie se

broer gay is, nog een se dogter het onlangs verklaar dat sy gay is. Hoekom word hierdie "anonieme" stemme nie gehoor nie?

Wat sê die navorsing?

Die "Predikantepaneel opname 2020-2 (voorlopige verslag)" is deel van die Kerkspieël-navorsing van die NG Kerk. Hierdie navorsingsopname is in Oktober 2020 gedoen om te verstaan hoe predikante dink oor belangrike temas. Hierdie opname is gedoen met 'n 10% ewekansige steekproef met 131 predikante. Deel van die opname was vrae oor etiese kwessies (onder andere die 2019 SGV-besluit). Die een standpunt waarop kommentaar gevra is lui as volg: "Die NG Kerk behoort 'n eenvormige standpunt te hê wat vir almal geld".

Wat die peiling duidelik wys, is dat daar tog stemme is wat nie voel dat daar sterk standpunt ingeneem hoef te word nie (46,88%), wat selfs groter is as diegene wat voel dat daardie standpunte wel belangrik is (37,51%). Daar is ook 'n ander manier hoe 'n mens die data kan verstaan. Met die eerste oogopslag lyk dit of die groep helfte-helfte verdeel is en dat een groep teenoor die ander staan. Die groep wat nie saamstem nie staan *nie* teenoor 'n ander groep nie. As 'n mens nader na die aard van die vraag en hulle antwoorde kyk, dui dit juis

daarop dat hulle nie teenoor ander staan nie.

Die mense wat 'n eenvormige standpunt wil hê, is dalk meer geneig om alleen hulle eie standpunt te steun. Diegene wat nie voel dat 'n mens noodwendig 'n eenvormige standpunt moet hê nie, noem dit nie. Dalk juis omdat standpunte nie vir hulle belangrik is nie. Die gevaar is dan, soos dit met die anonieme brief en die Groeikonferensie duidelik geword het, dat hierdie anonieme stemme nie gehoor word nie.

Wat sê die gewigtige stemme?

Dalk is daar wel 'n paar stemme wat namens die anonieme stemme kan praat. Ds Schalk Pienaar (voormalige moderator van die NGKN) vra dat groeperinge daarteen moet waak dat hulle benadering dié van politieke partye weerspieël. Die taalgelykheid van "ons eis" en "indien nie ... dan sal ons ..." is nie kerktaal nie, maar tipies die taal wat 'n mens van 'n politieke party sal hoor." Prof Malan Nel (Universiteit van Pretoria) is van mening dat daar basies twee benaderings is rondom gewigtige etiese kwessies (SGV ingesluit): Hy sê "of 'n mens kan diversiteit vier, of 'n mens kan verdeeldheid bestuur".

In 'n onderhoud met prof Nelus Niemandt (voormalige moderator van die Algemene Sinode van die NG Kerk) noem hy dat die Bybel vol verhale van diversiteit is. Verder vra hy 'n paar belangrike vrae, soos: "Indien diegene wat so graag wil 'afstig' dan wel 'afstig', wat maak hulle met verskille binne hulle nuwe kring? Waar eindig die 'afstigting'?" 'n Volgende belangrike vraag wat hy vra, is: "Wie is diegene wat die meeste skade gaan ly as daar 'n vorm van 'kerkskeuring' kom? Dit is die liefdadigheidsorganisasies, die kwesbares wat afhanklik is van die fondse van die onderskeie gemeentes se eweredige bydraes."

Die pad vorentoe

Skielik, met hierdie navorsing, lyk dit of die verdeeldheid nie so groot is soos wat daarvan gemaak word nie. Die olifant moet bespreek word, ons moet hom hanteer, maar in 'n veiliger ruimte. Dit kan tog nie 'n onmoontlike taak wees nie. Wat ons wel weet is dat 'n olifant op sy gevaarlikste is wanneer jy hom in 'n hoek dryf. Dalk moet ons, met die naderende sinodesitting in Namibië, eerder leun na *getuienisse* as *besluite*. Verhoudings is belangriker as sterk standpunte. Die 'olifant in die kamer' is toe nie só groot nie.

► Ds Marco Koch is leraar by die NG Gemeente Windhoek-Eros.



Die NG Kerk behoort 'n eenvormige standpunt te hê wat vir almal geld



Bron: PREDIKANTEPANEEL OPNAME 2020-2 | Taakspan Navorsing

“Die gevaar is dan, soos dit met die anonieme brief en die Groeikonferensie duidelik geword het, dat hierdie anonieme stemme nie gehoor word nie.”

Jong predikante wys hulle raak ook maar sat vir skerms

THANIA BOTHA

Dis lank nie meer slegs bekende predikers soos Joel Osteen, TD Jakes en Joyce Meyer na wie daar Sondae op die TV-, rekenaar- of selfoonskerm gekyk kan word nie. Met die noodgedwonge skuif na digitale aanbiddingsopsies te midde van Covid-19 sal lidmate heel waarskynlik ook nou hulle plaaslike predikant daar te siene kry. Tegnologie het ook in hierdie beroep 'n noodsaaklike koppelvlak met die wêreld geword. Maar "skermvoosheid", oftewel *fisieke en emosionele uitputting weens langdurige blootstelling aan rekenaar- en slimfoonskerms*, is 'n werklikheid onder jong predikante in die NG Kerk.

Ongeveer 60% van predikante is dit eens dat tegnologie beslis die gemeente waar hulle werkzaam is, gehelp het om sinvol voort te gaan met veral erediens-tydens die inperking. So het die Algemene Sinode se Taakspan Navorsing in Mei 2020 bevind. Teen Oktober 2020 sê predikante in 'n opvolgpeiling egter dat hulle "skermvoos" is. Meer as 45% van hierdie predikante is in hulle 30's en jonger. Ja, jy het reg gehoor!

Digitale bediening blyk dus nie net 'n uitdaging te wees vir daardie tiener wie se data alewig op is en die oom en tannie wat, soos my ma dit sagkens stel "tegnologies uitgedaag" is nie. Dalk het jy ook al iemand iets in dié lyn hoor sê: "Die jong klomp is mos met die goeters (met verwysing na enige tegnologiese

toestel) in die hand gebore." Hoe is dit dan dat "skermvoosheid" juis onder die jonger geslag predikers in die NG Kerk voorkom? *Kerkbode* het ondersoek ingestel.

"Die aanname dat jonger persone vanselfsprekend oor tegnologiese vaardighede beskik, kan beslis hiertoe bydra, aangesien daar die verwagting is dat die jong leraar verantwoordelikheid sal neem vir die digitale bediening of dat opnames, redigering, die instandhouding van sosialemedia-platforms, ensomeer, uiteindelik op hom of haar neerkom," sê ds Van der Merwe van Toringkerk in die Paarl.

Ds Koch van die NG Gemeente Eros in Namibië, stem heelhartig hiermee saam en voeg ook by: "Die redigering van video's verg baie 'skermtyd', veral wanneer jy nog onbekend is met 'n nuwe program. Namate jy die verskillende funksies daarvan leer ken, vergemaklik dit egter die proses."

Beide Van der Merwe en Koch is van mening dat digitale bediening 'n spanbenadering tussen kollegas van verskillende ouderdomme, asook predikante en gemeentelede, vra. Hulle is dit eens dat digitale bediening ook vir jonger

persone 'n leerkurwe is.

"Dit is moeilik om die verwydering tussen die wêreld 'agter die skerm' en dit wat 'voor die skerm' in die gemeente gebeur, te navigeer," sê ds Rikus Botha van die NG Kerk PE Noord. "Die aantal 'kyke' van 'n video kan misleidend wees. Dit is nie 'n doeltreffende maatstaf om te bepaal of lidmate wel bereik word en betrokke is by gemeente-aktiwiteite wat aanlyn aangebied word nie, aangesien dit tot enigemand se beskikking is op platforms soos YouTube en Facebook. Die werklikheid is ook dat daar baie lidmate is wat nie toegang tot Wifi, data en digitale platforms het nie of nie teogerus is om dit te gebruik nie."

Ondanks iets van 'n groeiende tegnologievermoeidheid het respondentte ook aangedui dat hulle ná die inperking met digitale bediening sal wil voortgaan in die vorm van veral video's (eredienste en oordenkings) en WhatsApp-boodskappe. Dit laat 'n mens tog wonder oor die volhoubaarheid van hierdie bedieningsvorm indien sommige predikante na enkele maande reeds voos is ...

Miskien kan predikante baat vind daarby om te ondersoek hoe hulle skermvoosheid kan voorkom of daar-

van kan herstel. Hier is 'n paar wenke:

1) Onthou jy is in die eerste plek 'n predikant, nie 'n videograaf, grafiese ontwerper of televisie-aanbieder van beroep nie. Jou primêre verantwoordelikheid is om die Woord van die Here op 'n relevante en verstaanbare wyse te verkondig. Gebruik meer van jou energie en tyd vir die teologiese, eerder as die tegniese deel van digitale bediening. Wees ook geduldig met jouself. Lag vir jou "bloopers". En geniet die leerproses saam met God.

3) Moenie mismoedig raak as jou platings min reaksie of "views" kry nie. Luister na opbouende kritiek en maak aanpassings. Die verantwoordelikheid lê egter nie net by jou nie, maar ook by lidmate. Neem ook in ag: As jy skermvoos is, is lidmate heel waarskynlik ook.

4) Vra vir hulp. Daar is dalk kundige mense op die gebied van tegnologie en/of videografie, of 'n persoon wat vinnig leer, wat graag op hierdie manier diensbaar wil wees.

5) Ruim genoeg tyd in vir rus, WEG van enige skerm! Spandeer tyd in die natuur, gaan stap, ry fiets, hou piekniek, sit net buite met 'n koppie koffie en geniet die dinge wat nie op 'n skerm vasgevang kan word nie, soos vars lug, die snoesige middagsonnetjie, 'n sonsondergang ... om in die oë van iemand vir wie jy lief is te kyk.

► Ds Thania Botha is leraar by die NG Gemeente Somerstrand in Port Elizabeth.



Klein venstertjies op God



Die vrywillige God

Die liefde vir geld en besittings het in soveel opsigte van ons hê-mense gemaak. Gelukkig is daar nog miljoene der miljoene met oop hande.

As Paulus in 2 Korintiërs 9:9 die gemeente in Masedonië aanmoedig om hulle dankoffer gereed te kry vir die arm gemeente in Jerusalem hou hy vir hulle 'n spieëlbeeld van God voor: "Hy deel uit en gee aan die armes; Hy bly altyd vrygewig."

Hy is inderdaad 'n vrygewige God. Hy het sy enigste Seun, sy kosbaarste, aan 'n kruishout vir ons gegee! Hy gee ons die aarde, lig, suurstof, lewe en gesondheid. Alles wat ons nodig het. God saai nie sy genade en goedheid spaarsamig nie, maar oovloedig. Hy is 'n oophand God. Hy hou niks van ons terug wat in ons belang is nie (Rom 8:32). Hy het arm geword, skryf Paulus, sodat ons ryk kan word in genade! Hy gee ons lewe in oovloed (Joh 10:10).

Iemand het geskryf: "God deel nie sy goedheid met 'n oogdruppertjie uit nie, maar met 'n brandkraan; nie met 'n teekoppie nie, maar met die wye oseaan. Jy kan dit nie bedwing nie."

Hierdie milddadige, vrygewige Gewer maak van ons oophand mense, vrygewiges wat uitdeel in plaas van opgaan.

– Kobus Smit

fineartamerica.com/profiles/kobus-smit

Nie mense of rommel is weggoigoed

NEELS JACKSON

Dit begin by gemors. Nuttelose weggoigoed. Maar uiteindelik bring dit soveel hoop.

Dit is die verhaal van Volition, die Pretoriase bediening PEN, se herwinningprojek. Hier word daar uit leë bottels en blikke, plastiekhouders en afvalpapier, kartondose en wat nog nuwe lewensmoontlikhede geskep vir mense, dikwels straatmense, mense wat in die oë van die samelewing ook soms maar waardeloos is. Weggoigoed.

Maar by PEN is mense nie weggoigoed nie, want God is lief vir mense, ook die mense op die rand van die samelewing. Daarom dat PEN 'n program het om mense wat op straat bly, te help.

Dr Marinda van Niekerk, uitvoerende hoof van PEN, vertel dat dié program 12 weke lank duur en dat dit mense onder meer help om 'n werksroetine aan te leer. Dit is iets wat hulle verloor het, sê sy. Dit verg dissipline om elke dag op te staan en 'n stuk werk te doen, en dit moet mense weer aanleer.

Een so 'n roetine is dié van die trolliestoters: mense wat met hulle trollies deur Pretoria se strate beweeg en by besighede gaan vra vir hulle weggoigoed. Of dit vind in mense se asblikke wat weekliks op die sypaadje uitgesit word sodat die munisipaliteit die week se rommel kan kom haal.

Hulle laai hulle trollies vol van herwinbare rommel en bring dit na PEN se terugkoopstasie toe waar hulle daarvoor betaal word. Straatmense word dikwels uitgebuit, vertel Marinda. By party terugkoopstasies word hulle baie min vir hulle afvalgoedere betaal. PEN het besluit om hulle net soveel te betaal as waarvoor PEN dit weer kan verkoop aan diegene wat die herwinning doen.

Op hierdie stadium is daar sowat 200 trolliestoters in Pretoria se strate wat hulle ware aan PEN se terugkoopstasie verkoop. Dit is 200 mense vir wie PEN lewensmoontlikhede skep, 'n eerlike manier om geld te verdien. Dit is 200 mense wat nie hoef te bedel of te steel om aan die lewe te bly nie.

By die terugkoopstasie moet dit gesorteer word. Verskillende soorte plastiek en papier en karton moet afsonderlik bymekaar gesit word. Ook dit word 'n werkgeleentheid wat vir verskillende mense op verskillende maniere 'n trappie na 'n beter lewe toe word.

'n Vrou uit PEN se Ladies Arise-program wat help om vroue uit sekswerk te laat loskom, het byvoorbeeld in die sorteerwerk 'n eerste ander werk gekry. As iemand wat op straat is, geld nodig het om aansoek te doen vir 'n identiteitsdokument, kan hy by die sorteersentrum kom stukwerk doen, sê ds Fouché de Wet, predikant van die NG gemeente Pretoria-Oos wat ook by Volition betrokke is.



Cynthia Fica help om die afval wat ingekom het, volgens soorte te sorteer. Op die voorgrond is 'n sak waarin plastiekbottels bymekaar gesit is. Foto: Neels Jackson

Maar omdat PEN die trolliestoters so goed moontlik wil betaal vir dit wat hulle inbring, moes daar 'n ander manier gevind word om die oorhoofse koste te finansier. Daarvoor druk PEN op gemeentes se knoppies. Fouché vertel daar is 25 gemeentes in Pretoria wie se lidmate hulle herwinbare afval kerk toe bring waar Volition dit dan gaan haal. Die geld wat hulle uit die verkoop van hierdie afval verdien, dra nou reeds 60% van Volition se koste.

Nou soek PEN na meer Pretoriase gemeentes om betrokke te raak by die herwinning. Daardeur wil hulle die 60% van die oorhoofse koste wat Volition self verdien, opskuif. Die mikpunt is dat die herwinningdiens uiteindelik vir homself betaal.

Vir die gemeentes is daar voordele daarin om te begin herwin. In die eerste plek is dit 'n manier om ekoteologie op 'n praktiese manier deel van die gemeentelêwe te maak. Dit gee vir lidmate die geleentheid om 'n bietjie weg te kom van die verbruikerskultuur, en om om te gee en te sorg vir die aarde wat God as blyplek vir mense, diere en plante gemaak het.

“Daar is sulke mooi goed in die ekoteologie,” sê Marinda, en voeg by: “'n Christen wat nie herwin nie, mis regtig 'n punt.”

Fouché vertel dat daar gemeentes is wie se herwinningstasies nie net hulle eie lidmate bedien nie, maar waar dit 'n punt geword het waar die hele gemeenskap hulle herwinbare afval kan kom stort. Dit word dus 'n manier waarop die gemeente na die gemeenskap toe kan uitreik. Dit is nog 'n voordeel wat gemeentes in die praktyk uit hulle deelname aan die herwinningprojek verdien.

Gemeentes wat by dié herwinning



Ds Fouché de Wet by die herwinningstasie op die NG gemeente Pretoria-Oos se terrein. Gemeentes wat by Volition wil inskakel, kan gehelp word om ook sulke herwinningstasies op hulle terrein te vestig. Foto: Neels Jackson

wil inskakel, word gehelp om dit te doen. Hulle kan gehelp word om 'n stel netjiese kaste te bekom wat op die kerkerrein geplaas kan word waar mense hulle herwinbare afval kan kom ingooi – afsonderlike kaste vir byvoorbeeld papier, aluminium en plastiek. Op dié manier kan hulle 'n netjiese herwinningstasie oprig.

Die maak van die herwinningstasie is ook 'n werkskeppingsprojek waardeur armes gehelp word, sê Fouché.

Dit help as lidmate daardie basiese sortering van hulle afval doen, sê Fouché, maar dit is nie 'n voorwaarde nie. Dit is belangriker dat mense hulle afval bring as dat dit gesorteer is.

Daar is planne dat Volition deel word van 'n groter projek om mense te bemagtig. Fouché vertel dat mense in die woonstelle van Sunnyside daarna smag om hulle vingers in die grond te kry, om tuin te maak, om self hulle groente te kweek. Dit het hulle al meermale agtergekam.

Nou is die plan om mense te leer om met 'n houtpalet wat as raamwerk dien en met oopgesnyde plastiekbottels wat deur Volition herwin word, klein groentetuintjies te maak wat in 'n woonstel of op 'n stoep versorg kan word. Deur mense te help om op dié manier hulle eie groente te kweek, kan hulle armoede verlig en hulle waardigheid verhoog word. Boonop kan dit hulle help om gesonder te eet.

Maar om dit alles te doen, het Volition die deelname van meer gemeentes nodig. Gemeentes wat besorg genoeg is oor die aarde om hulle herwinbare rommel kerk toe te bring, gemeentes wat PEN wil ondersteun in hulle groot stryd teen armoede, gemeentes wat verstaan dat arm mense nie weggoigoed is nie en dat weggoigoed dikwels ook nie weggoigoed is nie.

• Gemeentes wat betrokke wil raak of wat bloot meer wil weet, kan met ds Fouché de Wet skakel by 073 234 0156 of fouche@ooskerk.org.za

VERSTAAN die Bybel

'n Eerlike beeld van hoe dit is om met God te bly worstel

FANIE CRONJÉ

(Lees gerus Klaagliedere 3:22-23)

In Klaagliedere word vyf liedere onderskei. Die eerste vier is akrostigons. Dit beteken dat die eerste vers telkens met die eerste letter van die Hebreeuse alfabet begin, die tweede vers met die tweede letter van die alfabet, ensovoorts. Omrede die Hebreeuse alfabet 22 letters het, beteken dit dat hoofstukke 1, 2 en 4 elk 22 verse beslaan.

Alhoewel hoofstuk 3 ook 'n akrostiese lied is, het dit 66 verse en vorm om verskillende redes die spilpunt van die boek Klaagliedere. Hier begin drie verse na mekaar telkens met 'n spesifieke letter van die Hebreeuse alfabet. Hoofstuk 5 is nie 'n akrostigon nie, want die verse begin nie met die letters van die Hebreeuse alfabet nie. Omdat die hoofstuk ook presies 22 verse het, kan ons dit wel 'n alfabetiese lied noem.

Die duidelik afgeronde struktuur dien as 'n grens waarin die ervarings van angs, onsekerheid, chaos en rou "ingeperk" word. Binne so 'n ordelike

struktuur voel die skrywers se omstandighede minder chaoties. Dit bied die ervaring van 'n tikkie orde te midde van 'n haas onoorskoulike krisis.

Klaagliedere 1, 2 en 4 as akrostiese liedere bevestig aan ons dat dit God is wat in die chaos van verlies, vervreemding, onsekerheid en trauma orde skep. Klaagliedere 3, die middelste van die vyf liedere, bevestig met sy driemaalige akrostigon dat die Here in die chaos strukturegewend teenwoordig is. Klaagliedere 5, wat nie 'n akrostigon is nie, maar tog in ooreenstemming met die Hebreeuse alfabet uit twee-en-twintig verse bestaan, sê vir ons dat die Here se strukturegewende teenwoordigheid nie te doen het met 'n perfekte wêreld nie. Dit gaan oor ons raaksien van die Here in die verlies, chaos, onsekerheid en trauma.

Die skrywers poog om sin te vind in die situasie. Is die krisis die gevolg van hulle eie toedoen, of is hulle maar net die ongelukkige slagoffers van 'n vreemde, eksterne mag? Was dit hulle sonde wat die ramp oor hulle gebring het? Het God hulle verlaat? Was hulle nie gods-

dienstig genoeg nie? Daar word gesmag na hoop. Om van hoop te praat, is egter nie meer so maklik soos in die verlede nie. Tog suggereer die liedere dat sprankies hoop geleë is in ervarings met God in die verlede, nie in die ellendige huidige situasie nie.

In krisistye kan lesers oor millennia heen met die gedigte in Klaagliedere identifiseer. Die liedere wys hoe mense met rou en verlies worstel. Dit vertel nie net op 'n afstand daarvan nie. Ons kry met verskillende fases van rou te doen. Die gedigte gee erkenning aan die geweldige pyn van verlies en die moeilike vrae wat by 'n mens opkom. In krisistye word dit moeilik om op 'n oppervlakkige manier met vrae oor God se rol en die aard van sy betrokkenheid in sulke situasies om te gaan. Het God dalk aan die einde van die pad met ons gekom?

Die teologiese vertrekpunte van die boek is subtiel. Dit bied nie net een perspektief of 'n eenvoudige oplossing nie. Die liedere begin met die grusame werklikheid van die ramp en eindig met

iets anders as goedkoop genade of maklike hoop. Selfs na die laaste lied is die skrywers nog nie seker of hulle vorentoe op God kan reken nie. Êrens langs die pad (presies in die middel van die boek by 3:22-33) lees ons dat die Here se genade nooit tot 'n einde kom nie. Dit is elke môre nuut. Maar het die dag nie dalk gekom dat God ons vir altyd verwerp het nie (5:22)? Klaagliedere gee aan ons 'n eerlike beeld van hoe dit is om met God te bly worstel, selfs wanneer alle sekerhede weggeval het.

Dalk is dit nie God wat "verbrou" het nie, maar eerder mense se geloof, beskouings en aannames wat skeefgetrek is. Dalk het die geloofsgemeenskap nie vir God nie, maar slegs ons skeefgetrekte geloof verloor. God is groter as enige siening van en oor God. As rampe tref, vra mense gou hoe 'n God van liefde nou so kan maak. Dit is goed om dit te vra, mits ons ook bereid is om ons eie Godsbeeld te herbedink.

► Dr Fanie Cronjé is predikant van die NG gemeente Riviera-Jakaranda in Pretoria.

TERUG NA DIE TOEKOMS

'n Rubicon wat ons nie mag vergeet

JOHAN VAN DER MERWE

In Oktober 1986, 35 jaar gelede, het die Algemene Sinode 'n beleidsdokument aanvaar wat tereg as 'n rubicon vir die kerk beskryf kan word.

Die naam van die dokument was *Kerk en samelewing: 'n Getuienis van die Ned Geref Kerk*. Met die aanvaarding van die dokument het die NG Kerk formeel weggedraai van die teologiese ondersteuning van apartheid.

Sedert 1974 het dit duidelik geword dat die kerk se "rasbeleid" soos vervat in *Ras, volk en nasie en volkereverhoudinge in die lig van die Skrif* nie meer aanvaarbaar was nie. Kritiek wat van oor die hele wêreld ingestroom het, het sy piek bereik tydens die vergadering van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke

in Ottawa in 1982 toe 'n *status confessionis* oor apartheid aanvaar is en die NG Kerk geskors is.

Dit het daartoe gelei dat die Algemene Sinode op 14 Oktober 1982 besluit het om *Ras, volk en nasie* grondig te hersien. Die sinode het erken dat foute in die verlede gemaak is, en aan die kommissie wat aangewys is, is 'n duidelik omskrewe opdrag gegee: Die beleid van die kerk moes opnuut aan die Skrif getoets word, die teologie moes eenvoudiger wees en daar moes groter duidelikheid oor die praktiese implikasies van die kerk se beleid gegee word.

Dit het daartoe gelei dat die Algemene Sinode van 1986 die volgende in-grypende besluite geneem het:

- "Die lidmaatskap van die NG Kerk is

oop" – paragraaf 270.

- "Die deure van die NG Kerk is oop" – paragraaf 278.

- "Kerkeenheid is belangrik" – paragraaf 257.

- Daar was 'n besliste wegbeweeg van die Skriftuurlike regverdiging van apartheid – paragraaf 305.

- Gemengde huwelike was nie meer "uiters ongewens" nie.

- Afsonderlike ontwikkeling kon nie Bybels gefundeer word nie.

Hierdie besluite het die NG Kerk in beroering gebring. Meer as 100 000 lidmate het die NG Kerk verlaat om die Afrikaanse Protestantse Kerk te stig. Ondanks die protes is die besluite tydens die Algemene Sinode van 1990 bevestig en het dit die pad oopgemaak

vir die bekende belydenis van prof Willie Jonker tydens die Rustenburgeraad van 1990. Dit het ook die weg gebaan vir die leierskap van die NG Kerk om in aanloop tot die verkiesing van 1994 'n belangrike versoeningsrol te speel. Hiervoor is hulle deur mnr Nelson Mandela in sy toespraak voor die Algemene Sinode van 1994 bedank.

Met *Kerk en samelewing* het die NG Kerk inderdaad in 1986 'n belangrike rubicon oorgesteek. In 'n era in ons land se geskiedenis waarin ras en rassisme opnuut 'n problematiese fokuspunt geword het, mag ons hierdie gebeure van 35 jaar gelede nie vergeet nie.

► Prof Johan van der Merwe doseer kerkgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria.

In pas met die lewende God

LOURENS BOSMAN

Dis lyk my daar is twee soorte tandepasta-advertensies. Die een soort het mense op wat met blink, wit, gesonde tande lag. Die ander soort het mense wie se tande pyn: Hulle hou hulle gesig vas en jy kan sien daai sensitiewe tande is glad nie lekker nie!

Ons kan iets by hierdie advertensies leer. Dit lyk my daar is ook twee soorte Christene. (Natuurlik is daar meer, maar vir die doel van hierdie rubriek, dan.)

Die wêreld is vol pyn en onreg en swaarkry en sommige gelowiges is baie sensitief daarvoor. Soms lyk dit of hulle

swaar dra aan die sorg van die wêreld. En dit is nie verkeerd nie. As ons in pas met God leef, maak Hy ons oë oop vir dinge wat verkeerd is en vir mense se pyn.

Ons lees in die Evangelies dat mense se swaarkry Jesus in sy binneste geraak het. Hy leer ons om nie weg te kyk van swaarkry nie. Hy gee vir ons sensitiewe tande wat pyn as ons mense sien swaarkry.

Aan die ander kant is daar gelowiges wat só positief is dat hulle amper altyd lag en vrolik is. Om te lag en bly te wees, is ook nie verkeerd nie. Jesus bring die goeie nuus van God se heerskappy wat al meer aanbreek. Om die evangelie te

Wat ons kan leer by tandepasta-advertensies

glo, beteken dat ons glo dat God aan die werk is in die wêreld. Hierdie geloof haal die gewig van die sorg van die wêreld van jou skouers af.

Ek het al gehoor dat gelowiges sê: "Die omvang van die nood om ons oorweldig my. Ek voel magteloos om iets daaraan te doen en dit druk my neer." Die goeie nuus van God wat omgee en betrokke is in die wêreld, beteken dat ons weet dat alles nie van my afhang nie. God laat sy koninkryk kom.

So, hier is die ding. Ons is lewende advertensies vir die koninkryk van God. Dit beteken dat ons die pyn in

hierdie wêreld ernstig opneem. Mense weet dat God omgee, as ons omgee.

Aan die ander kant maak geloof in die evangelie ons taai en positief. Ons word nie terneergedruk nie, want ons weet God is goed en Hy is besig om sy wêreld heel te maak.

Paulus se raad hieroor is goed: Wees bly saam met diegene wat bly is; treur saam met diegene wat treur (Rom 12:15). Ons kan nie goeie advertensies wees as ons nie kan treur én kan lag nie.

► Dr Lourens Bosman is die algemene bestuurder in die kantoor van die Algemene Sinode.

KONTAK ONS**Teken in op Kerkbode**

Viona Ross
Tel 021 864 8278. E-pos: viona@tydskrifte.co.za

Redaksie:

Stuur vir ons nuuswenke en artikelvoorstelle na kerkbode@tydskrifte.co.za

Redakteur: Le Roux Schoeman

E-pos: leroux@kerkbode.co.za

Uitvoerende joernalis: Heléne Meissen-

heimer
helene@bmedia.co.za

Ontwerper: Mario Small

E-pos: mario@kerkbode.co.za

Proefleser: Lambert Jacobs**Advertensies en vakatures:**

Hanlie Raath
Sel 072 357 8914
E-pos: woes@mweb.co.za

Kleinadvertensies en amptelike nuus:

Lida Viljoen
E-pos: lida@tydskrifte.co.za
Tel (Halfdag): 021 864 8202



Die behoefte aan betroubare en gebalanseerde kerkjournalistiek groei by die dag.

Jou ondersteuning stel Kerkbode in staat om voort te bou op 'n geskiedenis wat terugstrek tot Januarie 1849

toe die eerste Kerkbode verskyn het met die oorspronklike doel om "godsdienskennis te versprei".

Besoek www.kerkbode.co.za om uit te vind hoe jy 'n Vriend van Kerkbode kan word.

AMPTELIKE NUUS UIT DIE NG KERK-FAMILIE**Stuur Amptelike Nuus na Lida Viljoen by lida@tydskrifte.co.za**

hom oorhandig deur ds Stephan Bredenhann namens die Ring van Tygerberg. (S van Dyk, Skriba, 02.06.2021).

NG KERK

BEROEP: Rayline Coetzee na Lux Mundi; ds GJ Hattingh van Sanddrift na Meyerspark; ds Jorina Redelinghuys van Sasolburg-Fontein na Krugersdorp-Noord.

AANVAAR: Ds JA Burger van Wonderboom-Suid na Ohrigstad.

WES-KAAPLAND**BEVESTIGING**

Ds Riekie Wilken is op Sondag, 9 Mei 2021, in 'n vasteterympos by die NG George-Suid deur ds Johann Winterbach bevestig. (Tillie Nel, Administratiewe beampete, 26.05.2021).

EMERITAAT

Ds MH le Roux van die NG gem Albertinia emeriteer op 31 Julie 2021. (Quintin Nel, 27.05.2021).

Ds JJ van der Merwe van De Tyger-gemeente het op 31 Mei 2021 geëmeriteer. Sy akte van emeritaat is op 30 Mei 2021 tydens die erediens aan

OOS-KAAPLAND**EMERITAAT**

Ds Johannes Willem Erasmus Esterhuysen van NG Kerk Aliwal-Noord het op 30 Mei 2021 sy emeritaat ontvang. (Corrie Nel, Skriba, 31.05.2021).

VRYSTAAT**EMERITAAT**

Dr Johannes Stephanus (Hannes) Els, het op Sondag, 29 Mei 2021 geëmeriteer. Dr Els het sy Akte van Emeritaat reeds tydens die Valsrivier Ringsitting ontvang op 19 April 2021. Hy word ook voorts in 'n kontrakpos aangestel by NG Kroonstad-Suid, vir die volgende 18 maande. (dr Suzanne van der Merwe, Ringskriba, 26.05.2021).

GOUDLAND**BEVESTIGING**

Ds Stefanus Johannes Lodewikus Schoeman (voorheen van Prieska) is op 6 Junie 2021 bevestig in Ottosdal-Suid-gemeente. (Eumarie Zietsman, 01.06.2021).

Die volgende Kerkbode verskyn op 16 Julie 2021.

NGK PAARLBERG**MEDELERAARSPOS**

In afhanklikheid van die Here en met die leiding en wysheid tans tot ons beskikking, wil die kerkraad graag 'n leraar beroep.

Gemeenteprofiel: Paarlberg NG Kerk is 'n gemeente in die noordelike gebied van Paarl met 'n totale lidmaattal van ongeveer 1 800.

Gemeentevisie: Voornemende kandidate moet hulleself vereenselwig met die gemeentese visie, naamlik *geliefd, gevorm en gestuur*.

Gemeentefokus: Die kandidaat se roepingsverstaan moet aansluit by die gemeente se fokusareas.

- Ons wil leef vanuit verhoudings van wedersydse omgee, versorging en vorming. In lyn hiermee wil ons 'n nuwe pastorale model ontwikkel waar die lidmate pastorale verantwoordelikheid met die predikante deel. Ons wil die kleingroepbediening verder uitbou. (Geliefd)
- Ons is ernstig oor dissipelskap en wil sisteme van wedersydse mentorskap skep, erediens uitbou tot geleenthede van ware lering, aanbidding en oorgawe, asook ander leer- en ontwikkelingsgeleenthede vir lidmate skep. By die jeugbediening wil ons jongmense in die bediening van die hele gemeente laat tuiskom en gesinne ondersteun om saam te groei in hulle navolging van Jesus. (Gevorm)
- Ons wil verhoudings en netwerke in die gemeenskap en met ander gemeentes uitbou om waarlik 'n verskil te maak in die omgewing waar die Here ons geplaas het. (Gestuur)

Leraarsprofiel: Voorkeur sal gegee word aan 'n leraar wat:

- gekenmerk word deur goeie menseverhoudings en ware omgee.
- 'n hart het vir die gemeenskap se nood.
- reeds 'n paar jaar bedieningsondervinding het.
- 'n goeie luisteraar en kommunikeerder is.
- bereid is om verantwoordelikheid vir die gesins- en jeugbediening te neem.
- belangstel in kleingroepbediening.
- gemaklik is met alle ouderdomsgroepe.
- 'n gegronde spiritualiteit het en die Woord verantwoordelik, relevant en Christus-gesentreerd verkondig.
- goed in spanverband kan saamwerk.
- lidmate kan bemagtig om hulle gawes en roeping uit te leef.
- innoverend, buigsaam en veerkragtig is en geloofsonderskeidend werk.
- nuwe inisiatiewe kan beplan én implementeer.

Aansoek: Rig navrae aan Hannelie de Villiers by skriba@paarlbergkerk.co.za vir volledige besonderhede en gedetailleerde aansoekprosedure.

Sluitingsdatum: 6 Augustus 2021.

Diensaanvaarding: 1 Januarie 2022.

Die kerkraad behou hom die reg voor om geen aanstelling te maak nie.

NG Gemeente Petrus Steyn**VAKATURE: VOLTYDSE LERAAR**

GEMEENTEPROFIEL: Die NG Gemeente Petrus Steyn is 'n plattelandse gemeente, geleë in die Noordoos-Vrystaat, ongeveer 200 km vanaf Johannesburg via die R59 en 280 km vanaf Bloemfontein. Die gemeente is in 1914 gestig en bestaan reeds deur die genade van die Here, vir die afgelope 106 jaar. Die gemeente bestaan uit ongeveer 220 belydende en 40 dooplidmate, wat verdeel is in vyf plaaswyke en agt dorpswyke. Daar is 'n aftreeoord in die gemeente asook 'n laerskool en uitstekende hoërskole met koshuise in Heilbron (44 km), Reitz (35 km) en Bethlehem (90 km). Die gemeente ondersteun Skrifgetroue vernuwings en verandering.

LERAARSPROFIEL EN AMPSPLIGTE: Die volgende is vir die kerkraad baie belangrik.

- Die aansoeker moet in 'n innige verhouding met die Here leef en oortuig wees van die roeping van die Here om as leraar diensbaar te wees in die gemeente.
- Van die aansoeker word Skrifgetroue Woordverkondiging en standpunte verwag, veral tov die maagdelike geboorte, opstanding, hemelvaart en wederkoms van Jesus Christus en dat Hy die enigste Verlosser van die wêreld is, wat entoesiasies aangebied word en geestelike groei bevorder. Ook dat Hy wonderwerke gedoen het en dat die duiwel bestaan. Hy/sy moet ook al die dwaalleringe van die Algemene Sinode tov bogenoemde verwerp, asook die standpunte van 2019 tov selfdegeslagverhouding.
- Iemand wat geheg is aan die gereformeerde leer en belydenisskrifte van die kerk.
- Iemand vir wie veral huisbesoeke en ander pastorale besoeke belangrik is.
- Iemand wat lief is vir jeugbediening en aanklank vind by die jeug.
- Iemand wat lief is vir lofprysing waar gebruik gemaak word van die orrel en alternatiewe begeleiding.
- Die aansoeker moet 'n aanvoeling hê vir die plattelandse bediening in die Vrystaat en meelewend wees in die wyer gemeenskap.
- Iemand wat begrip het vir die uitdagings wat die landbou hedendaags beleef en die invloed daarvan op lidmate en die totale gemeenskap.
- Moet ook kennis neem dat Petrus Steyn gemeente 'n dolerende gemeente is met al die implikasies daarvan.

VERGOEDING:

Pakket onderhandelbaar, wat 'n ruim pastorie, wat beskikbaar is vir inwoning, insluit.

AANSOEKE:

Aansoek moet vergesel word van 'n CV wat nie langer as drie bladsye is nie, met kontakbesonderhede van ten minste twee verwysings sowel as 'n stem/video-opname van twee preke. Rig aansoek aan:

- E-pos: ngpetrussteyn@gmail.com
- Tel: 058 871 3260

SLUITINGSDATUM: 16 Julie 2021.

NAVRAE:

Kontrakleer: Stephen Heyns – 083 231 7556.

Leierouderling: Mike Botha – 072 427 7364.

Skriba: Danette van der Westhuizen – 079 894 5072.

Die kerkraad behou hom die reg voor om geen aanstelling te maak nie.

NG KERK DE RUST (SENEKAL)

Die kerkraad van De Rust (Senekal) wag met groot opgewondenheid aansoeke in vir die onderstaande pos.

Vakature: LERAAR (Onbepaalde termyn)

Gemeenteprofiel: De Rust-gemeente in Senekal is een van twee fantastiese NG gemeentes op die dorp. Na 'n tyd van uitdagings is die gemeenskap en gemeente besig om kop op te tel en saam te staan. In uitdagende tye wil De Rust-gemeente 'n baken van hoop wees!

Die gemeente het alles wat nodig is om 'n besondere gemeente te wees wat die boodskap van liefde aan die gemeenskap kan uitdra.

Die gemeente se amptelike lidmaattal is tans 450 met baie ruimte vir uitbreiding! Die gemeente beskik oor 'n doelmatige kerkgebou, saal met klaskamers en groot pastorie (met boorgat).

Leraarsprofiel: Enige gelegitimeerde leraar wat lief is vir die Here, bereid is om hard te werk en 'n passie vir mense het, kan aansoek doen.

Pligte:

- Soos omskrywe in Artikel 9 van die Kerkorde.
- Huisbesoek is ononderhandelbaar.

Vergoeding en voordele:

- Onderhandelbaar, met sinodale skaal as riglyn.
- Pastorie met munisipale dienste, selfoontoelae.

Aansoek: CV met verwysings, 'n persoonlikheidsprofiel en bedieningsvoorkeure.

E-pos aansoeke na: ngksenekal@gmail.com

Sluitingsdatum: 2 Julie 2021.

Diensaanvaarding: 1 Oktober 2021 (onderhandelbaar).

Navrae:

- Ds Tertius Lamprecht 082 499 0590
- Kevin Brits 083 420 1928
- Jaap Haakman 072 883 0851

Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.

AKKOMMODASIE

BELLVILLE: Selfsorgeenheid vir 4. Veilige parking. Naby Tygervallei. Billike tariewe. Skakel Alta 021 919 7161.

BLOEMFONTEIN

Oornagverblyf. DStv, lugreëling, badkamer. Veilige parking. Naby N1, skougronde, hospitale en inkoopcentrums. Vanaf: R250. Skakel Hanlie, **084 400 2693**. hanlidevilliers@webmail.co.za

VAKANSIE- AKKOMMODASIE

HAZYVIEW: SABAAN GASTEPLAAS: Uiters bekostigbare tariewe, 30 km vanaf Krugerwildtuin. Op Panorama-roete bv God's Window, Blyde Canyon. Skakel 071 545 0155 of e-pos bookings@sabaan.co.za

VAKANSIE- AKKOMMODASIE

HERMANUS: Ruim, bekostigbare selfsorg gesinswoning aan privaat woonhuis naby die see. Veilige parking. Vanaf R600 pn. jdb@hermanus.co.za of 082 929 6350.

JEFFREYSBAAI: SANDKASTEEL – 2 slaapkamer (slaap 6) wooneenheid volledig toegerus. Sentraal by die see. Tel: 042 293 1585.

UVONGO: Selfsorgwoning. Pragtige see-uitsig. Loopafstand vanaf see. Vanaf R520 p/d per eenheid, buiteseisoen. 084 547 8522 of 039 315 5779. Webblad: www.grietseplek.com

Om te adverteer in *Kerkbode*,
kontak Hanlie Raath:
Sel: 072 357 8914.
E-pos: woes@mweb.co.za

Die vakature-advertensies verteenwoordig die standpunte van die adverteerder en nie noodwendig dié van Kerkbode nie.

NG KERK OUDTSHOORN-MOEDERGEMEENTE (sedert 1853)

Ring van Oudtshoorn, Sinode Wes-Kaapland

Liefde leef
Liefde leef
Liefde leef

VOLTYDSE LERAARSPOS

In biddende afhanklikheid van die Here,
stel die kerkraad die pos bekend en nooi slegs gelegitimeerde predikante in die NG Kerk, wat oor bedieningsbevoegdheid beskik, om hulle CV's beskikbaar te stel.

GEMEENTEPROFIEL – DOLERENDE GEMEENTE – VISIE: LIEFDE LEEF

Die gemeente bestaan uit ongeveer 775 belydende en 166 dooplidmate. Familiegevoel, meelewende omgee-gemeente.

LERAARSPROFIEL:

- ♦ Toegewyde Bybelstudent en Skrifgetroue prediker (getrou aan die belydenis van die kerk).
- ♦ Afwisseling in liturgie binne raamwerk van gereformeerde tradisie.
- ♦ Pastor wat passievol is oor lidmate van alle ouderdomme en sensitief is teenoor gemeentekultuur.
- ♦ Entoesiasies oor pastorale en informele besoeke aan huis van lidmate.
- ♦ Strewe na voortdurende geestelike groei en persoonlike ontwikkeling.
- ♦ Uitvoering met ywer en toewyding van ampspligte soos omskryf in artikel 9 van Kerkorde.

VERGOEDINGSPAKKET:

- ♦ Volgens sinodale riglyne.
- ♦ Behuising onderhandelbaar.

AANSOEKE EN NAVRAE:

'n Volledige CV wat die volgende insluit: gawes, visie en erediensbenadering. Verstrek die name en kontakbesonderhede van drie referente. Opsioneel: 'n bekendstellingsvideo. Stuur aan Pre-Advies voorsitter, Louise de Wet, e-pos: dvkngoud@gmail.com

SLUITINGSDATUM VIR AANSOEKE: 6 Augustus 2021 om 12:00.

DATUM VAN DIENSAANVAARDING: DV 1 Februarie 2022.

Die kerkraad behou hom die reg voor om, sonder opgaaf van redes, geen aanstelling te maak nie.

NG GEMEENTE HEUWELSIG BLOEMFONTEIN



VAKATURE: MEDELERAAR (Voltyds-onbepaalde pos)

1. Gemeenteprofiel:

- Die visie van die gemeente is: "Lewe tot eer van Christus die Heer!"
- Die voornemende aansoeker moet kennis neem dat die kerkraad van die gemeente die Belydenis van Belhar aanvaar het en die Algemene Sinode se besluit van 2015 oor selfdegeslagverhoudings onderskryf.
- NG Heuwelsig het 2 293 lidmate waarvan 500 dooplidmate is. Die lidmate vertoon eintlik 'n goeie verspreiding van alle ouderdomme.
- Die bediening vind deur bedieningsgroepe plaas, wat fokus op die jeug, families, seniors, uitreik, getuieis en kleingroepe.

2. Leraarsprofiel:

A. Verantwoordelikhede soos uiteengesit in Artikel 9 van die Kerkorde.

B. Die aansoeker moet ook aan die volgende vereistes voldoen:

- Ouderdom vanaf 35-50 jaar oud
- Interpersoonlike vaardighede met inagneming van die uiteenlopende ouderdomsprofile in die gemeente.
- Hy/sy moet goed in 'n span kan funksioneer.
- Die voornemende leraar sal saam met die huidige leraar die bedieningsfokus-punte volgens gawes onder mekaar verdeel.
- Dinamiese persoonlikheid om met die veranderende behoeftes en uitdagings van die gemeente en bedieningsmoontlikhede tred te hou.
- Deursettingsvermoë om in 'n post-Covid kerk alle bedieningsgeleenthede te kan hanteer.

3. Aansoekprosedure:

Aansoekers kan 'n CV, maksimum drie bladsye met kontakbesonderhede van ten minste drie referente aan die kerkkantoor stuur. **Die sluitingsdatum is 30 Junie 2021.**

Kandidate moet bereid wees om 'n onderhoud by te woon, indien dit versoek sou word. Die aansoeke moet aan die kantoorhoof, Anmar Potgieter, by admin@ngkerkheuwelsig.co.za gestuur word.

4. Vergoeding:

- Volgens sinodale riglyne.
- Behuisingvoordele sal onderhandel word.

5. Diensaanvaarding: 1 September 2021 of spoedig daarna.

6. Provisio: Die kerkraad behou die reg voor om, sonder opgaaf van rede, nie 'n aanstelling/beroep uit die aansoekers uit te bring nie.

7. Navrae:

Die kerkkantoor: 051 436 1967, e-pos: admin@ngkerkheuwelsig.co.za

Dana op reis

Dana Snyman
Foto: Adrian de Kock



Brief uit Amersfoort: 'Hierdie is 'n ander wêreld'

Deur die groot venster in die gholfklub op Amersfoort se klubhuis kan 'n mens die vaal rookwolke van 'n veldbrand in die verte sien.

“Dis weer sulke tyd,” sê Jan Swart, 'n plaaslike veebemerker. “Hulle begin weer brande stig. Dit gebeur elke winter. Ek dink dis om ons bang te maak.”

Dit kan veediewe wees wat die gras aan die brand steek, onwettige jagters of mense wat die plaasboere van hulle grond af wil hê. Niemand is mooi seker nie, maar hoe meer ek na Jan luister, hoe meer voel dit of ek in 'n soort oorlogsone is eerder as op 'n dorp in die Mpumalangase Hoëveld.

Deon van Zyl, 'n jong boer van die omgewing, het ook pas ingestap en by ons kom sit, met 'n pistool op die heup. Meer as een boer hier rond is in die laaste paar jaar aangeval.

“Daar is oom CP Fourie en Neels Greyling,” begin Jan hulle opnoem. “En oom Kerneels van Rooyen. En Koot van Niekerk ...”

“En oom Isak Lambrecht,” voeg Deon by. “En oom Kerneels Beukes ...”

“En Natie van der Merwe,” vat Jan weer oor. “En nou oom Hennie.”

Oom Hennie. Hennie Molderhauer wat die week tevore, op 'n Sondagoggend, op sy plaas deur 'n onwettige jagter vermoor is.

Nóg dorpsmense stap by die deur in en kom sit by ons: Jan se vrou, Lizel, Tinus en Marita de Jager, en ook Deon se pa, Donnie van Zyl, die dorpsdokter. Hulle wil kom vertel.

Hier is 'n moord soos Hennie Molderhauer s'n iets intiem, iets persoonlik. Almal van hulle het vir Hennie geken. Stil Hennie met die bruin Land Cruiser wat graag gehengel en 'n vleisie gebrui het.

Dr Donnie, 'n ouderling in die plaaslike NG gemeente, was Sondagoggend in die konsistorie voor die diens toe Mokie, Hennie se vrou, bel en sê: Kom, Hennie is dood.

“Hennie was 'n pasiënt van my,” vertel dr Donnie. “Ek het eers gedink dis 'n hartaanval. Ek sê toe vir een van die ander kerkraadslede: ‘Ry gou saam.’”

“Op die plaas ry Mokie voor ons uit en op so 'n rantjie toe stop sy. Toe staan Hennie se Land Cruiser daar met die

deur oop, en die enjin loop nog. Toe ek verby die Cruiser stap, sien ek hier lê Hennie, en 'n ent van hom af lê 'n swart hond dood.”

Hennie het klaarblyklik twee jagters met 'n stuk of ses honde op sy grond betrap en het een van die honde geskiet. Toe is daar 'n bakleiere en skiet een van die mans vir Hennie met sy eie pistool. In die kop.

Almal by die tafel is opeens stil. Buite talm die rookwolke steeds oor die oopte.

Die dorp is nou anders as wat dit eens was: Slaggate in die strate, smouse op die sypaadjies, en die ou Amersfoort Hotel is nou meer shebeen as hotel.

“Ons het darem nog dié plek,” sê Jan. Die gholfklub.

“En die kerk,” voeg dr Donnie by.

Hulle het juis onlangs weer 'n voltydse predikant gekry ná 'n herderlose

jaar. Ds Gerhard Green.

Deon glimlag skewerig. “Ek dink dominee Gerhard oorweeg dit om 'n pistool te koop.” Almal hier het vuurwapens. Dis hoe dit is.

Deon bied aan om my in die omgewing rond te wys. Ons ry die skemer in terwyl hy vertel van die reaksiemag wat hulle gevorm het. Ook hoe hulle onlangs, wit en swart, tonne rommel in die dorp se strate opgetel en op die regte plek gaan weggooi het.

Die onwettige jagtery met honde en veediefstal is 'n groot probleem hier.

Net buite die dorp, op die Standerton-pad, hou Deon stil. “Sien jy daai sojaland?” Hy beduie doer ver. “Dáár het hulle oom Hennie geskiet.” In die oopte. Nie 'n boom in sig nie.

“In die Hoëveld waar dit oop is,” kom Toon van den Heever se bekende gedig

by my op. “Waar 'n mens nog vry kan asemhaal en aan 'n God kan glo.”

Die aand bel ek ds Gerhard Green, die dorp se nuwe predikant. Ontmoet my môre-oggend by die Hartlandkoffiewinkel, sê hy.

Hartland is die gemeente se koffiewinkel op die kerkterrein by die kerkzaal – die enigste koffiewinkel op die dorp. 'n Vrolike plek wat koffie, cappuccino, soetgoed en etes bedien, nes enige ander koffiewinkel.

Ds Gerhard, 36 jaar oud, lyk of hy self 'n jong boer kan wees. Baard. Kortbroek. Hy was voorheen 'n proponent, hierdie is sy eerste leraarspos.

Sondag, toe die nuus van Hennie se dood voor die diens kom, het hy dit liever nie van die kansel afgekondig nie. Hy wou eers weet hoe Hennie dood is. Netnou spring van die mans in die diens op om te gaan help soek na die moordeenaar.

Hennie en Mokie is in die AGS Kerk, maar hier staan almal saam. Gerhard was ook by Hennie se begrafnis.

“Die mense is paraat.” Gerhard praat sag. “Nie dat hulle roekeloos is nie.”

Hy knik. Ja, hy oorweeg dit om 'n pistool te koop. 'n Paar Sondag gelede het 'n skelm by die pastorie ingekom terwyl hy besig was om aan te trek en sy vrou orrel in die kerk ge oefen het. Gelukkig het die man gevlug toe hy Gerhard gewaar. Dit kon anders gewees het.

“Hierdie is 'n ander wêreld.” Gerhard se stem raak nog sagter. “In Pretoria het ek nie die nut van 'n vuurwapen gesien nie.”

Maar hier gebeur baie hoopvolle dinge: Die kerk en koffiewinkel is hier waarlik die middelpunt van die Afrikaanse gemeenskap. Gerhard gaan juis vanmiddag weer help waar die boere 'n mielieland stroop waarvan die opbrengs na die kerk toe kom.

Sondag het hy uit Esegïel gepreek. Esegïel 37 vers 14: “En Ek sal my Gees in julle gee ...”

Later ry ek deur die dorp, verby dr Donnie se spreekkamer en Jan Swart se huis. Mense wat hoopvol bly leef, ondanks wat als hier gebeur.

Langs die Volksrust-pad brand die veld en in die bakkie se truspieëltjie sien jy die kerk se toring duidelik deur die rook bokant die huise en geboue uitsteek.



Ds Gerhard, 36 jaar oud, lyk of hy self 'n jong boer kan wees. Baard. Kortbroek. Hy was voorheen 'n proponent, hierdie is sy eerste leraarspos. Foto: Dana Snyman